

CACHET APTEEK

Groot genoeg om u te
bedien.
Klein genoeg om u te ken.

★
DIE
STUDENTE-APTEEK

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX

VRYPAG, 22 AUGUSTUS 1975

NR. 11

PUKKE!

vir al u kleurbeeldjies
**Johan Claassen
Broers**
(Edms.) Bpk.

Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.



Die Pukke se nuwe studenteraad. In gewone volgorde staan: De Wet Mulder, Garrie Schutte, Peet Badenhorst, Pieter Möller, Johan Muller, Adriaan Jacobsz, Theunis Eloff, Johan Pretorius, Lou van Wyk, Piet Meyer, Corrie Kraamwinkel, Petrus Coetzee, Gert Cilliers, Albert de Beer, Percy du Toit en Dirk Coetzee. Dié foto is net voor hul eerste studenteraadevergadering geneem. Deur die loop van hierdie week sal portefeuljies toegaken word. (Foto: Fotokuns.)

Bankvas agter 'n gewilde keuse

HY'S IN... het letterlik duisende Pukke gejuig toe die voormalige studenteraadsvoorsitter, mnr. Marius Schalekamp, aangekondig het dat mnr. Johan Pretorius, voormalige hoofdirigent, tot studenteraadsvoorsitter verkies is.

Daar was onsekerheid tot op die laaste oomblik oor wie die paal sou haal. Mnr. Paul Krüger, alias Etulo, het mnr. Pretorius sterk na die kroon gesteek.

ONDERVOORSITTER

Die ondervoorsitter, mnr. Theunis Eloff, ook 'n regstudent soos mnr. Pretorius, was ook 'n gewilde keuse. Hy het egter sterk teenstand van mej. Ineke Lindhout, primaria van Klawerhof, ontvang.

PERCY

Op 'n studenteraadsvergadering wat net ná die verkiesing gehou is, is mnr. Pieter Möller tot sekretaris verkies. Mnr.

Percy du Toit is die addisionele lid van die dagbestuur. Mnr. Adriaan Jacobsz is ook die nuwe karnavalvoorsitter.

VOLLEDIG

Die volledige studenteraad sien soos volg daar uit: Johan Pretorius (voorsitter), Theunis Eloff (ondervoorsitter), Pieter Möller (sekretaris), Percy du Toit (addisionele lid) en die volgende studenteraadslede: Dirk Coetzee, Gert Cilliers, Petrus Coetzee, Garrie Schutte, Adriaan Jacobsz, Albert de Beer, Lou van Wyk, Corrie Kraamwinkel, Piet Meyer, De Wet Mulder, Johan Muller en Peet Badenhorst.



Dawid Weyers, die Pukke se hoofdirigent, in aksie. Dawid is 'n ou kalant wat sedert Koos K... Kruger se dae al sy lyf swaai. Dawid het ook al menige Kovsie-dirigent koudgesit. Sy helper, Henri Raubenheimer, is 'n jonger broer van Ockie Raubenheimer, voormalige hoofdirigent van die Puk. (Foto: Fotokuns.)

PUKKE KAN VRYSTAAT VERNEDER

WES-TRANSVAAL het Saterdag teen die Kovsies (die Vrystaatspan bestaan omtrent net uit Kovsies) gevou... en daar was nie een Pukspeler in die Wes-Transvaalse span nie.

Hoe is dit dan moontlik dat die Pukke Saterdag kan wen? Maar, dit is juis hier waar die Kovsies se probleme gaan begin. Hulle gaan verneder word, die Pukke gaan een van die sterkste aanspraakmakers op die Curriebeker in die grond in boor.

Die Pukke se krag sal uit wanhoop gebore word. Niemand wil hom 'n kans gee nie... almal hoop dat dieselfde lot as RAU ons nie te beurt sal val nie. Selfs aan eerste-span spelers word vertel hoe goed die Kovsies is.

Wat dinklik die eerste span negatief moes gestem het, het

hulle nou gemotiveer om later vir die horde doemprofete te vra... „wat sê julle nou?”

As 2200 Pukke vanjaar vir die studenteraad gestem het, is dit logies dat al 6 000 Pukke Saterdag hul span gaan dra... daarna gaan ons feesvier!

KYK BINNE KOVSIES

HARTLIK WELKOM aan al die Kovsies wat hierdie naweek saam met ons die intervarsity gaan geniet.

Om dinge vir julle makliker te maak, is daar op bledsy vyftien 'n kampusplan en program. Indien daar nog probleme is, sal enige Puk te enige tyd help.

Op die intervarsity-blaai is daar ook 'n volledige vooruitbeskouing oor die intervarsity. — (REDAKTEUR)



BULT-APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP
DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C

Tel. 5943 en 3377

STUDENTE APTEEK

—WP



Marguerita van Zyl van Maties is een van die vele jong bokkies wat op Matie-kampus te sien gekry kan word. Sy is ook een van die verkoopsdames wat die Maties se joolblad, Die Besem, moet verkoop. (Foto: Die Matie).

TWEE PUKKE NA SKOTLAND

ONDER die jeugdige lede van die Nasionale Jeugorkes wat op 29 Julie vanjaar na Aberdeen, Skotland vertrek het om daar aan 'n internasionale orkesfees deel te neem, is daar twee Pukke.

Hulle is Elsbé van Wyk, 'n lektrise verbonde aan die Musiekkonservatorium en Fanie Jooste, 'n finale jaar B.Mus.-student. Die veertienjarige Human Coetzee, reeds 'n befaamde tjellis asook Pieter Koornhof wat albei leerlinge aan 'n plaaslike Hoërskool is, is ook in die orkes ingesluit.

Lekker om 'n vrou te wees

GLOEI

VANDAG se asters, as hulle modebewus is, bestee ure aan 'n natuurlike voorkoms. Sy wil die lewenskrag van die natuur weerspieël. Sy wil sag, vroulik en hoogs aantreklik wees.

Die dae van harde, vasgelakte haarstyle, gepleisterde gesigte en manlike kiere is verby. Wat kiere en grimering betref, is die mode nou heerlike, tashare vroulikheid. Vandag se aster is volkome vrou — en trots daarop.

VOLMAAK

Frankryk se toonaangewende parfuum- en skoonheidshuis he: so pas 'n volmaakte dag-

room in Suid-Afrika beskikbaar gestel om elke vrou te help om die natuurlike voorkoms te verkry.

Crème de Sport, reeds die gunsteling van Franse vroue, is 'n sonskermmiddel en 'n room-onderlaag. Soos die naam aandui, is dit spesifiek geformuleer vir die bedrywige vrou wat te alle tye op haar beste wil lyk.

As onderlaag is dit onsigbaar. Dit laat die vel sag gloei. Dit bedek en dit kleur.

Dit sal mense laat vra waar u die tyd kry om so mooi bruin te brand.

As sonskerm — veral belangrik in Suid-Afrika — beskerm dit jou vel die hele dag teen skadelike ultra-violetlig. Daar is ook geen vetterige nawerking nie.

Die roomonderlaag is in wit en drie kleure verkrygbaar — Claire vir ligte velle, Beige Doré vir heuningbruin velle en donkerder Ombre Doré vir olyfkleurige en sonbruin velle.

GEEN POLITIEK

Wag en word bruin

ASTERS! Die somer is op julle (altans nie meer lank nie). Tot seker laat Maart of Aprilmaand gaan ons asters die geleentheid kry om 'n gesonde, bruin vakansievoorkoms te kry. Maar hou tog matigheid voor oë.

Sonbrand wat op 'n verstandige en matige wyse verkry word, is gesond en kan 'n aster baie mooi laat lyk. Puistietjies of klein ongesonde plekkies aan die vel verdwyn gou-gou en 'n gloeiende koperkleur laat grimering, veral die oë sprankelend en mooi vertoon.

Bale waar, maar let op die voorsorgmaatreëls en wenke wat deskundiges aan die hand doen.

BEPLAN

Beplan hoe jy gaan bruin brand. Sorg dat jou vel deeglik

met 'n sonweermiddel, soos Sun Preparations, gesmeer word. Doen dit gereeld, ook nadat u in die water was.

Ná 'n rukkie in die son en 'n stort, smeer die vel deeglik met 'n naversorgingsroom. Die selfde maatskappy bemark ook dié preparaat.

GIDS

Laastens kan mens oor 'n gids vir gesonde bruin brand bespiegel.

Gesig:

Smeer mildelik met 'n goeie vogmiddel, meer aan vir be-

skerming van die neus, lippe, ore, ooglede en voorkop.

● Middel en maag:

Hou eers bedek met handdoek of gebruik sonskermroom tot die vierde dag. Vyftien minute in die son is nou genoeg. Vermeerder na 30 minute vyfde dag en 60 minute na sesde dag.

● Bene:

Hou by die rooster wat hier aangegee word. Onthou egter dat die waaie en bobene baie meer gevoelig as die res van jou been is, en beskerm meer. Smeer ekstra sonmiddel aan.

● Skouers, rug en arms:

Volg rooster.

● Laer bors:

Gebruik sonskermroom tot die vierde dag. Volg nou rooster soos vir bobene ens.

● Voete:

Vyftien minute die eerste dag, 'n halfuur die tweede dag, 45 minute derde dag en vierde dag en daarna na gelang. Onthou dat die bokant van die voete baie gevoelig kan word.

● Rooster vir mooi bruin brand:

	Ligte vel	Med. vel	Donker vel
1e dag	15 min.	20 min.	25 min.
2e dag	20 min.	25 min.	30 min.
3e dag	25 min.	30 min.	35 min.
4e dag	30 min.	35 min.	40 min.

Slegs só sal u 'n pragtige goudbruin, sonder pyn, brand. Moenie oorhaastig wees nie! Ons warmste weer lê nog voor.

WYN IS VANDAG TE DUUR OM IN TE BAD

IN die vroeë Elizibethaanse tyd het die vroue hulle gesigte in wyn gewas, sommige selfs daarin gebad. Ons oumas se velle was seepglad toe hulle ons ouderdom had en hulle het rate uit die natuur gebruik.

Vandag kan ons kies en keur tussen moderne gesofistikeerde skoonheidspreparate wat met ingewikkelde prosesse vervaardig is en waarvan die basisse ook uit die natuur kom.

DIE KOMKOMMER

1. Dit is goed vir sonbrand omdat komkommer ontstekingsverhoed en die vel verkoel. Skil 'n komkommer en druk die sap uit. Meng met gelyke dele gliserien en rooswater. Smeer aan op gebrande dele.

2. Meng genoeg hawermeel met gerasperde komkommer. Gebruik soos 'n masker op vetterige velle en was na 'n kwartier af.

3. Vryf komkommerskyfies met opwaartse bewegings in die gesigvel. Laat die vel toe om die sap op te neem. Jy kan ook tien minute in die bed ontsan met komkommerskil of skyfies op jou gesig gepak.

DIE SUURLEMOEN

1. Meng twee eetlepels suurlemoensap en twee eetlepels gliserien. Gooi in 'n bottel en skud goed en bêre in yskas. Dit maak hande sag en wit en haal diepliggende vullis uit.

2. Suurlemoensap by water is 'n ideale middel om hare vir die laaste keer af te spoel. Dit maak die hare glansryk en maklik hanteerbaar.

3. Druk growwe elmoë in deurgesnyde suurlemoenheltes terwyl jy by 'n tafel sit en swot. (In Funny Lady doen Fanny dit en sy het die witte elmoë en hakske gehad).

4. Voeg 'n paar druppels suurlemoensap by styfgeklepte eierwit en gebruik dit vir 'n masker vir 'n vetterige vel.

DIE ADVOKADO

1. Meng 'n geklitste eiergeel met 'n fyngemaakte advokado-

peer. Smeer aan die hare en kopvel na die was. Draai 'n handdoek om en spoel goed af na tien minute.

BLAARSLAAI

1. Plaas heel slaablare (ver kieslik die buitenstes) in 'n pan met 'n halwe liter water. Laat afkoel, syg deur en gooi in 'n bottel met 'n skroefprop. Wend dit met 'n watte aan voor grimering. Dit verfris die vel. Roosblare kan ook in die plek van slaablare gebruik word. Dit ruik heerlik en skoon.

EIERS

1. Meng 'n eier, 'n teelepel olyf-olie, twee teelepels suurlemoen-



sap en 'n eetlepel hennapoëier (by enige apteek en gesondheidsentrum verkrygbaar). Was die hare soos gewoonlik en smeer dan die eiermengsel aan. Laat dit vir 'n halfuur aan en spoel af. Was weer en spoel twee keer af. Dit maak die hare blink en lewendig en gee dit „lyf“.

2. Meng drie eetlepels hawermeel, 'n geklitste eierwit en 'n eetlepel vogroom. Tik liggies aan gesigmasker vir vetterige velle.

3. Jy kan ook 'n reiniger vir droë en normale velle maak. Klits twee eiergele, twee eetlepels gliserien en 'n eetlepel vog of nagroom saam. Smeer aan gesig en spoel na drie minute af. Dit is veral geskik

vir velle wat nie van seep hou nie.

HEUNING

1. Heuning en appelmasker vir normale en droë velle. Skil 'n ryp appel en druk dit fyn. Meng heuning by en smeer aan die gesig. Spoel eers met warm water en daarna met koue water af. Die heuning is versagterend en die appel bevogtigend.

2. Meng twee eetlepels heuning met 'n eetlepel amandelolie. Dit dien as 'n masker vir die droë vel.

3. Maak 'n eetlepel of twee heuning baie warm in 'n klein houder. Smeer aan die dele wat met swartkopplis gepla is. Hou dit aan totdat die heuning weer koud is. Spoel af. Dit verwyder al die swartkopplis en maak die vel sag en glad.

JOGURT

Was die hare soos gewoonlik en smeer dan 'n bakkie gewone joghurt aan. Los vier minute aan, spoel af en set.

PUKKE!!

Laat neem
klasfoto's
by
Fotokuns


UITSLEEP




VIR AL U ETES BINNE
SLEEPAFSTAND

EN VIR GESELLIGE VERKEER
SAAM MET JOU MEISIE EN
VRIENDE

PUKKE . . . JUL NUWE STUDENTERAAD



JOHAN PRETORIUS
Voorsitter



THEUNIS ELOFF
Ondervoorsitter



PIETER MÖLLER
Sekretaris



PERCY DU TOIT
Addisionele lid



DIRK COETZEE



GERT CILLIERS



PETRUS COETZEE



GARRIE SCHUTTE



ADRIAAN JACOBZ



ALBERT DE BEER



LOUW VAN WYK



CORRIE KRAAMWINKEL



PIET MEYER

HOOGSTE STEMMERY OOIT

SEKER een van die hoogste stempersentasies onder al die Suid-Afrikaanse universiteite. Dit kan mens sê nadat 66,4 persent Pukke hul stem op die onlangse studenteraadsverkiezing uitgebring het.

Dit is bykans twee keer meer as die totale aantal stemme wat uit sowat 20 000 Tukkie op hul studenteraadsverkiezing getrek kon word.

Sowat 2 200 Pukke het gestem. Die aantal stemgeregtiges was sowat 3 500.

Intussen is die hoofbesture van die onderskeie belangere ook bekend gemaak. Hier volg dit:

Administratiewe Raad:
Voorsitter: Corrie Kraamwinkel
O/Voorsitter: A. J. van der Walt
Sekretaris: Mej. I. Brits
Penningmeester: J. Suurd

Koshuisraad:
Voorsitter: P. P. du Toit
O/Voorsitter: C. Taljaard
Sekretaris: J. J. Oosthuizen
Penningmeester: N. Potgieter

Sportraad:
Voorsitter: I. de V. Lessing
O/Voorsitter: S. Pellisier
Penningmeester: P. J. Badenhorst

Sekretaris: S. Coetzee

Akademie Raad:
Voorsitter: J. A. van der Walt
O/Voorsitter: S. F. van der Berg
Sekretaris: Mej. H. A. Rossouw
Penningmeester: J. Suurd

Korpsraad:
Voorsitter: P. A. Odendaal
O/Voorsitter: J. Van Wyk
Penningmeester: P. H. Fourie
Sekretaris: N. Pretorius
J. Suurd

Kultuurraad:
Voorsitter: A. J. de Beer
O/Voorsitter: J. A. Jacobsz
Sekretaris: Marie de Wet
Penningmeester: T. C. Schwellnus

Politiiese Raad:
Voorsitter: H. S. Raubenheimer
O/Voorsitter: Peet Badenhorst
Sekretaris: Mader Postma
ADD: W. A. Lemmer



DE WET MULDER



JOHAN MULLER



PEET BADENHORST

SO HET DIE KOSHUISE GESTEM

	% Stemgeregtiges in koshuis	% Gestem van die stemgeregtiges			
Liberalia	94,1	100	Klawerhof	78,5	72,7
Over-de-Voor	100	95,6	Heide	100	65,6
Piet Groblerhuis	100	93,9	Wanda	78,2	65,4
Klooster	92,4	92,3	Wag-'n-Bietjie	53,8	62,4
Caput	91,3	82,2	Oosterhof	86,9	62,3
Heimat	90,6	75,8	Kulu	74,6	62,2
Uitspan	100	58,6	Kasteel	71,9	55,0
Hombré	91,5	55,0	Karliën	85,9	48,5
Makoulei	100	53,5	Vergeet-my-Nie	59,7	44,6
			Soetdorings	100	38,7
	93,7	78,1		78,3	57,1

BEKENDE WEER TERUG OP PUK

PROF. WERNER PFEIFENBERGER, bekende Oostenrykse geleerde en 'n man wat binne drie weke Afrikaans leer praat het, het vroeër vandeswek in Potchefstroom aangekom en sal tot aan die einde van September as gasdosent van die Potchefstroomse Universiteit hier aanbly.


Prof. Pfeifenberger is tans 'n hoogleraar in Staatsleer aan die Universiteit van Münster, Wes-Duitsland.

Tydens sy eerste besoek in 1973 het hy binne drie weke leer Afrikaans praat. In 1974 het hy weer die Universiteit besoek en al sy lesings in Afrikaans aangebied.

Prof. Pfeifenberger, wat in 1973 'n wetenskaplike prys vir 'n proefskrif oor die V.V.O. in Oostenryk ontvang het, is ook die intreespreker op die jaarlikse simposium van die Sentrums vir Internasionale Politiek. Die hoof van die leer, it-genl. Magnus Malan, is die hoofspreker op dié simposium wat op 22 Augustus hier gehou word.

WIE GAAN DIT WEES

MET die ter perse gaan van die Wapad, was dit nog nie bekend wie die nuwe penningmeester is nie. Twee kandidate wat sterk om dié pos meeding, is De Wet Mulder en Div Lessing. As Mulder verkies word, sal Dries van der Walt die vakante pos vul. Mulder is reeds op die studenteraad.



Musiek skakel na buite

DIE Musiekvereniging van die PU vir CHO het op Vrydag 9 Augustus sy eerste tree in die rigting van interuniversitêre skakeling gegee toe sowat 22 musiekstudente die Toonkunsakademie van die Universiteit van Pretoria besoek het.

Die Pukke was net betyds daar om 'n groepsklas van die

Pretoriase musiekstudente by te woon. Van hulle studente het voordragte gelewer op die harp, klawesimbel en ander instrumente, waarop die mede-Tukkies dan krietiek kon lewer.

Sodoende leer die studente om voor ander op te tree en kry hulle kans om hulle eie werk te verbeter. Dis 'n goeie idee wat gerus hier ook oorweeg kan word.

Na die heerlike koeksisters en koffie het die Pukke kans gekry om die Aula, Musaeon asook die oefenkamer en lesing-lokale van die musiekstudente daar te besigtig.

Die doel van die besoek was die lewer van 'n konsertprogram wat die aand plaasgevind het. Dit het baie geslaagd verloop. Daar is klavier, sang en trompetsolo's gelewer, asook 'n duet vir twee klaviere.

Die Tukkies was aangenaam verras met die hoë standaard van ons musieklewe hier op die Wes-Transvaalse vlaktes, en is baie begeesterd om volgende jaar op soortgelyke wyse 'n besoek hier by ons te kom afle.

Die musiekstudente van U.O.V.S. sal op 12 September by die P.U. 'n konsert aanbied. Sodoende kan ook met hulle geskakel word. Alle musiekliefhebbers is hartlik welkom om dit by te woon.



Twee bekende kunstenaresses wat baie lief vir die Puk is en gereeld hier optree. Links staan prof. Anna Neethling-Pohl, bekende Suid-Afrikaanse toneelspeelster. Miemie Coertze, bekende operaster, en haar man, mnr. Dawie Ackermann, is bekendes op die Puk. (Foto: Fotokuns.)

HONDERD JAAR VAN TAAL

DAT ons taal en letterkunde die afgelope honderd jaar geweldige ontwikkeling ondergaan het, is Woensdagaand 6 Augustus weer eens bewys met die jong digter Leon Strijdom se uiters wetenskaplike voorlesing oor wat van die letterkunde letterkunde maak.

Leon Strijdom is deur die Universiteit se Letterkundige Vereniging in samewerking met die Vrouelesunie uitgenooi ter viering van die Taaljaar. Die byeenkoms het in die Noordbrug Kerkzaal plaasgevind.

Daar is baie moeite met die versierings, verversings en programme gedoen. Die kontras 1875 — 1975 het 'n deurlopende tema gevorm, ook in die program wat uit „Een lekkere ou'e opsegstrooi" deur Paul Schutte bestaan het, aangevul deur moderne satiriese gedigte van M. M. Walters en Wilma Stockenström. Getrou aan die tema was die klavieruitvoering deur Annamari Kruger „een sentimentele musiki" en 'n „baling moderne uitfoering".

Leon Strijdom is 'n dosent in die Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het sy doktorsgraad met onderwerp „Die eenheid van die gedig" in Utrecht, Nederland behaal. In 1974 het hy die Eugène Marais-prys vir sy bundel „Geleentheidsverse", ontvang.

Omdat hy self 'n digter is, is sy voorkeur vir 'n wetenskaplike werkswyse by die bestudering van die letterkunde soveel interessanter. Hy sê dit verseker kontinuiteit, maar hy voeg ook by dat by so 'n studie veralgemening noodsaaklik is. Hy gaan dan uit van 'n werkhipotese.

Daarvolgens beskou hy die literêre werk as 'n taalverskynsel. Al verskil tussen literêre en nieliterêre taal lê in die taalgebruik. Die digter skryf met 'n ander doel voor oë en ook met 'n doelbewuste konsekwente uitbuiting van alle taalmoontlikhede.

Hierdie taalgebruik veronderstel 'n kommunikasieproses waarin die digter taal in 'n kodevorm gebruik en die ontvanger die boodskap dekodeer. Taalgebruik verkry 'n poëtiese funksie as die klem op die boodskap val.

Die skrywer en die leser het slegs taal tot hulle beskikking. Omdat die woord in al sy aspekte openbaar gemaak word in die gedig is taalkennis dus 'n basiese vereiste wat aan die leser gestel word.

Mnr. Strijdom beskou die gedig as 'n suiwer intensionele konstruksie met sy oorsprong in die skeppende beweging van die digter. Sy neerslag word in die teks gevind en dit bestaan by die lees daarvan. Dus is die gedigte 'n sisteem van leidrade en die lesers 'n voorwaarde vir die bestaan van die gedig.

Die gedigte skep interne verwysingsveld. Daardeur word die gedig as 'n outome wêreld ervaar. Mnr. Strijdom het groot klem op die outonomie van die gedig gelê.

Die leser word bewus dat daar agter die veelheid 'n eenheid skuil. 'n Behoeftes aan opheldering ontstaan en die verkeer van buite af word deur die leser afgesluit. Eers was die buitewêreld nodig vir kennisinname, nou is dit die geslote kring van die literêre werk. Die een vorm 'n voorwaarde vir die ander.

Die leser speel 'n baie belangrike rol, aangesien hulle die „Onvollendete" binne die raam wat deur die gedig toegelaat word, voltooi. Om die probleem van verskillende ie-

sers met verskillende realisasies op te los, word van die leser 'n konstante gemaak.

Mnr. Strijdom het baie klem gelê op herhaling, want hy sien die woorde en frases wat herhaal word as 'n sleutel wat jou in die gedig laat inkom. As die skrywer aan die anderkant van sy boodskap 'n struktuur wil maak, moet hy hom van die begin af rig op dit wat herhaal word in die gedig en dit was ontwikkel.

Ná sy lesing het Leon Strijdom van die akademici se vrae beantwoord en oor 'n glasië wyn is daar nog lank bespiegel oor hierdie jong digter se wetenskaplike uitgangspunt wat die letterkunde betref, en die feit dat sy werkshipotese glad nie die woord kuns insluit nie.

CINE-PUK

CINEPUK begin sy bedrywighede op die 15e Augustus met een van die beste films wat hierdie jaar deur KINEKOR-Films vrygestel is, naamlik PAPER CHASE.

Deur die verwerking van statistiek deur CINEPUK ingewin oor die jaar heen het hulle besluit om die voorprogram ook te wysig sodat dit in almal se smaak sal val. Pukke gaan nou nog die gewone nuusprenke sien, maar daar gaan ook nou met elke flik 'n televisiekortprent vertoon word. Die tydsindeling van die programme is ook verbeter. Die program vir die halfjaar sien as volg daaruit:

15 Augustus:
PAPER CHASE.

23 Augustus:
TAMARIND SEED.

27 Augustus:
DELIVERANCE.

28 Augustus:
THE PLOT.

5 September:
PAPILON.

12 September:
BOLAND.

19 September:
FRENZY.

20 September:
FRIENDS.

26 September:
THE WINNERS.

27 September:
THE MECHANIC.

3 Oktober:
TOUCH OF CLASS.

4 Oktober:
SUMMER WISHES
WINTER DREAMS.

kyk

oktober dra al kiere

ons saamloutyd het groot geword

— Liesel Meyer

konfiteor

vader ek het diep en swaar

gesondig

ek rook nie

ek drink nie

ek hou my broekie bo

maar vader die ergste

ek glo

— J. Wierenga



Noutoenou maar flou

AFGESIEN van enkele hoogtepunte was die vertolkingsprogram Noutoenou glad nie van die gehalte wat 'n mens van kandidate in Spraak- en Vertolkingskunde Honneurs verwag nie. Noutoenou is op 7, 8 en 9 Augustus deur die Dramadepartement aangebied.

Die sprinkel en verskeidenheid wat mens met vertolkingsprogramme begin assosieer het en wat so kenmerkend was van verlede jaar se Liefdesmosaiek en vanjaar se Boerenoot, het in hierdie aanbieding ontbreek. Dit was heel oorspronklik om die program met voorlesings uit koerante van toe en nou te open, maar die daaropvolgende verduideliking van die titel Noutoenou het platgeval. Dit was net nie natuurlik nie.

Die program het uit vier onderwerpe, verteenwoordigend van die algemene temas in die Afrikaanse letterkunde, bestaan. In die keuse van prosa en poësie is daar veral klem gelê op die kontras tussen die wyse waarop die temas toe en nou gehanteer is.

Dit het baie mooi tot uiting gekom in die afdeling oor die mens. 'n Mens kan jou geen groter kontras indink as die tussen Audrey Blignault se vrolike, jubelende Die Transvalers is Plesierig en die komperagtige toonaard van William Rowland se twee gedigte oor „koning mens" nie.

Die deelnemers het dan ook hierdie kontras ten volle benut en werklik deurleefde vertolkings van die genoemde stukke gelewer. Daar is pragtig klem gelê op die musikale aspek van Die Transvalers is Plesierig.

Verdere hoogtepunte is bereik in die afdeling oor die liefde. Hier kan die name van Elna van der Walt vir haar vertolking van Martjie, en Isabeau du Toit as die Heks in Leipoldt se drama met dieselfde naam, uitgesonder word.

Hierdie gevoelvolle vertolkings het net die idee dat die deelnemers in die ander nommers nie werklik uiting aan hul speeltalent en gevoelens kon gee nie, verder versterk.

In weerwil van interessante bewegings wat gebruik is by Louis Eksteen en George Wiedeman se gedigte oor die boerdery, het die vertolking tog nie opgeweg teen die heerlike woordespel van die gedigte nie. Dit het mekaar nie aangevul nie.

Die gedeelte uit Sewe Dae By Die Silbersteins was miskien 'n bietjie lank om deurentyd die gehoor se aandag te behou. Ek voel ook dat al die moontlikhede wat A. G. Visser se Amakeia aan die voordragkunstenaar bied nie ten volle benut is nie.

Die vertolking van Alba Bouwer se pragtige skets, 'n Hennetjie met Kuikens hoort ook onder die hoogtepunte tuis. Dit het groot byval by die gehoor gevind.

Die aanbieding het soms die indruk van onafgerondheid geskep. 'n Mens verwag nie dat honneursstudente nog sal praat van „gruis" in plaas van „grys" nie so ook met „deur" en „deer". Die beligting was ook nie altyd geslaag en effektief nie. — E. Robbertse.

'n Toneeltjie uit Noutoenou. Volgens die Wapad se kunsresensente, mej. Elmarie Robbertse, was dié stuk 'n te-leurstelling. (Foto: Fotokuns.)

FOTOGRAFIE NIE NET DRUK VAN 'N KNOPPIE

Deur Elmarie Robbertse

DAT fotografie baie meer inhou as 'n gevroetel met ligmeters en die druk van 'n knoppie het ek baie gou agtergekom toe ek met Kobus du Plessis, voorsitter van Fotiek, die Universiteit se Fotografiese Vereniging, gesels het.

Kobus het kunsfoto's gewys en met vreemde terme al die aspekte wat in ag geneem moet word by die neem van sulke foto's, verduidelik. Hy het gepraat van lito-foto's en die ASA van 'n film en ek het begin uitreken hoelank ek sal moet spaar vir 'n kamera.

WELKOM

Gelukkig stel Fotiek geen vereistes van sy lede nie. Beginners is ook welkom. Elke lid moet net sy eie kamera hê, en self betaal vir die chemikalie en papier wat tydens die ontwikkelingsproses gebruik word. Die Vereniging koop 'n groot rol film en verkoop dan klein kasette daarvan teen 'n minimale bedrag aan die lede.

OPLEIDING

Beginners word in al die prosesse van ontwikkeling van films opgelei. Hulle moet eers 'n grondige kennis van die ontwikkeling van swart-en-wit foto's hê voordat daar na die baie duurder en ingewikkelder proses van kleurfilms oorgegaan word.

Normaalweg duur hierdie opleiding ongeveer vier weke. Omdat daar hierdie jaar baie min van die ou lede aan die Vereniging behoort, was hulle tot Juliemaand toe nog besig met opleiding.

BESPREEK

Fotiek kom gereeld elke tweede Maandagaand bymekaar. Dan bespreek hulle gewoonlik

die verskillende aspekte van fotografie soos litografie en solarisasie, of wat alles met 'n film gedoen kan word.

Daarvolgens verduidelik hulle hoe om die ASA van 'n film op te skuif van 400 tot 6400. Dit maak dit moontlik dat 'n mens foto's kan neem in gewone elektriese lig sonder die hulp van flits

UITSTALLINGS

Om die lede aan te moedig en op te lei besoek Fotiek gereeld uitstallings of onderneem uitstappies na byvoorbeeld Joubertpark waar hulle pragtige foto's van die mense om die skaakbord neem. Die vyftigste verdieping van die Carletonsentrum bied ook uitstekende ondervinding in die neem van lugfoto's.

Soms weer neem hulle almal hul kameras na 'n dameskoshuis waar een meisie vir hulle poseer, sodat hulle uit verskillende hoeke gesigstudies van haar kan maak.

SKUIFIES

Hul gereelde skuifie-aande vind groot byval. Almal bring hul skuifies saam vir vertoning en hulle het dan ook die geleentheid vir kritiek en 'n bespreking van die komposisie van die betrokke skuifie. Mej. Adrienne Viljoen van die departement Beeldende Kunste het ook in dié verband vir hulle 'n lesing gegee.

Fotiek het Thalia se advertensieskuifies geneem en is

bereid om foto's van ander verenigings te neem teen lae pryse. Persone wat hul professionele dienste verlang kan Kobus du Plessis in Uitspan kontak.

Kobus du Plessis het 'n plakkaatgrootte vergroting vir Salomé Jacobs en Gerhard Brown van hierdie lito-foto van hulle gemaak. Litografie is 'n langsame proses en moet versigtig aangepak word omdat 'n enkele vingermark die afdruk nutteloos kan maak.



Hewlett-Packard stel 'n kleiner ontoegeeflike rekenmasjien bekend: die HP-21 Wetenskaplik.



Die prys is ook kleiner. R123*

Ons nuwe HP-21 handhaaf die HP-tradisie van hoogstaande gehalte, ontwerp en konstruksie. Hier volg die besonderhede.

Groter vermoë, kleiner grootte. Die HP-21 verrig alle log. en trig. funksies, laasgenoemde in radiale of grade. Dis ons enigste rekenmasjien, behalwe die HP-45 wat u in staat stel om:

- polêre na reghoekige koördinate te herlei en omgekeerd;
- rekenkundige berekenings te doen tot die volle vermoë van sy register;
- 'n gewone antilogaritme te bereken deur 'n enkele toets te druk.

Die HP-21 verrig al die basiese vorms van datamanipulasie en voltooi alle vooraf geprogrammeerde funksies in 'n sekonde of minder. **Volle vertoonformaat.** Die vertoontoets (DSP) stel u in staat om te kies, tussen vastedesimaal- en wetenskaplike notasie en om die aantal plekke wat vertoon word te beheer.

As 'n getal te groot of te klein is vir vastedesimaalaanwysing dan

skakel die HP-21 outomaties oor na wetenskaplike notasie met 'n dinamiese strek van 10^{99} tot 10^{-99} . Indien u hom 'n onmoontlike opdrag gee, sal die vertoontoets die woord E-r-o-r (fout) aandui.

Stapel-omgekeerde-Poolse-notasie-logikastelsel (RPN).

Kyk wat hierdie unieke logikastelsel vir u beteken:

- u kan enige uitdrukking evalueer sonder om hakies aan te bring, sonder om oor hiërargieë of vooraf strukturering te bekommer
- u kan alle probleme op een manier oplos – die manier wat u geleer het in beginnersalgebra;
- u sien alle tussenantwoorde;
- u kan maklik teruggaan indien u fouteer;
- u kan getalle weer gebruik sonder om hulle weer aan te teken.

HP-gehaltevakmanskap.

Hierdie is een rede waarom Nobelprysweners, ruimtemanne en meer as 700 000 ander professionele manne HP-rekenmasjiene besit.

Laat u probleem 'n uitdaging wees vir ons nuwe HP-21. Voltooi en pos hierdie koepoon of skakel HP direk. *Doen navraag oor afslag vir studente.

HEWLETT  PACKARD

Verkope en diens deur 172 kantore in 65 lande.

Johannesburg:
1e Verdieping Milnerton,
De Beerstraat 30,
Braamfontein, Tel. 725-2030.

Ook in: Kaapstad, Port Elizabeth, Durban.

Aan Hewlett-Packard S.A. (Edms) Bpk.,
Posbus 31716, Braamfontein, 2017.

Stuur my asseblief nadere besonderhede:

Naam _____

Adres _____

Tel _____

CINEPUK

BIEDAAN:

SATERDAG 23 AUG.

7:30 nm.

THE LAST OF THE
RED-HOT LOVERS.

EN

CLASS OF '44

Alles vir 20c en 30c

die WAPAD

INTERVARSITY

AS mens regtig akademies wil raak en op grond van feite probeer afleidings maak, het die Puk nie vanjaar 'n kans om Intervarsity te wen nie.

Juis daarom moet ons Saterdag ten alle koste drie dinge bewys:

● Kovyies verswak Suid-Afrikaanse rugby deurdat hulle vier nasionale spelers in hul span het.

● Kovyies gaan veroorsaak dat Vrystaat nie vanjaar die Curriebeker sal wen nie, omdat twaalf Kovyies gereeld vir die Vrystaat uitdra.

● Feite op papier gee nie altyd die deurslag wanneer mens met gemotiveerde mense te doen het nie.

Elke jaar hoop en glo ons ook dat die Pukmassa die knoop sal help deurbak. Dit was ydele woorde.

Maar vanjaar is dit 'n ander storie. Nog nooit in die Puk se geskiedenis het daar so 'n gees van betrokkenheid geheers nie. Saterdag moet hierdie betrokkenheid die

Kovyies soos 'n opstopper tussen die oë tref. Dit is nie eens meer nodig om die Pukmassa tot deelname op te roep nie — dit het hier 'n alledaagse verskynsel geword.

Snaaks, die Kovyiespan laat mens ook aan politiek dink. As rugby en politiek oor dieselfde kam geskeer kon word, wonder mens hoeveel Kovyiespelers sou onder die sweep van die Van Wyk de Vries-kommissie deurgeloopt het. Feit bly egter staan, rugby is nie politiek nie en dis heeltemal binne perke dat sommige „studentespelers” grys op universiteit word en terselfdertyd as eerstejaar aangespreek mag word.

'n Bietjie vergesog, maar: „Draak Klippies, maak meneer se tekkies vir die tekkiewedstryd skoon”.

En aan al die Kovyies wat hier kom kuier, wil ons net sê: Geniet die hele affêre en doen dit soos net Afrikaners dit kan doen.

STUDENTERAAD

OFSKOON 'n bietjie op die agtergrond deur die komende Intervarsity geskuif, het die Puk ook intussen 'n nuwe studenteraad gekry. Geluk aan elke kandidaat wat die paal gehaal het.

Kyk mens na die nuwe lede se beleidsverklarings, vind mens dat hulle almal praktiese mense is (na aanleiding van die praktiese belof-

tes wat hulle gemaak het). Dit vergemaklik ook die probleem om kandidate aan hulle beloftes te toets.

Hier moet die Pukke die vrymoedigheid hê om hierdie mense gedurig onder kruisverhoor te neem. Wees knaend krities, maar waardeur altyd dit wat hierdie mense in hul vrye tyd vir jou doen.

HARE

MENS het gedink die harekwessie is opgelos. Maar, op die Groot Sweet het 'n studenteraadslid weer eens teen die aanvaarde studenteraadsbesluit te velde getrek.

Sulke optrede skep nie net die

indruk van interne verdeeldheid in die Studenteraad nie, maar verlaag ook die gesag van die studenteraad in die oë van die massa. Dit is noodsaaklik dat die studenteraad 'n beeld van eenheid na buite moet uitdra.

Afrikaner deur Jood aangeval

MELLVILLE EDELSTEIN van die Instituut vir Rasseangeleenthede het in 1972 in Soweto 'n studie onder Bantoeleerlinge onderneem. Hy het bevind dat die leerlinge die volgende karaktertrekke aan die Afrikaner en die Engelssprekende toeskrywe. (Die aantal leerlinge wat die onderskeie karaktertrekke aan die twee blanke taalgroepe toegeskryf het, m.a.w. hulle so sien, word hieronder in persentasies aangegee.)

Karaktertrek	Afrikaner	Engelsman	Volgens Edelstein dink slegs een persent dat die Afrikaner vredeliewend is. 55 persent dink dat hy wrede is en 45 persent beskou hom as baas-spelerig.
Hardwerkend	46	51	Volgens Edelstein kies slegs 2,0 persent van die leerlinge Afrikaans as die taal waarin hulle sou wil hê dat hulle kinders onderrig moet word terwyl 88,5 persent Engels as onderrigtaal verkies. (Slegs 9,5 persent verkies moedertaalonderrig).
Intelligent	20	75	
Prakties	9	5	
Vrygewig	6	25	
Dapper	14	14	
Selfbeheerst	4	11	
Vooruitstrewend	25	54	
Vredeliewend	1	40	
Verwaand	13	4	
Wreed	55	4	
Agterlik	7	1	
Baasspelerig	45	5	

HELE HERR E GAAN NET OM WEN OF VERLOOR

Deur Gerhard Burger van die Vaderland

MARVIN BERZ speel gholf vir die North Western University in Illinois, V.S.A. — en glad nie sleg nie, want in 'n onlangse universitêre toernooi het hy die eerste twee rondes in 77 houe elk voltooi.

Marvin is 57 jaar oud.

Die belangrike verskil tussen die ou gryskop en sommige rugbyspelers in Suid-Afrikaanse universiteitspanne is dat Marvin 'n student is. Sy studies is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek en hy het onlangs eers besluit om dit voort te sit.

As rugby nie so 'n vermoënde spel was nie, sou dit seker al gebeur het dat 'n tydgenoot van mnr. Berz in universitêre wedstryde in Suid-Afrika gespeel het.

Rugby is egter ook 'n ruwe, genadelose spel waarin die gemiddelde 21-jarige voorspeler 'n geweldige fisiese agterstand het wanneer hy teen 'n goeie 27- of 28-jarige teenstander te staan kom.

WEN

Die huidige twis oor kamtigitude wat nog vir universiteite speel wanneer hul kinders al omtrent skool toe gaan, spruit egter nie soseer uit beserings of moontlike beserings wat melkbaard-studente teen hardebaard-veterane opgedoen het of kan opdoen nie. Die lawaai het ontstaan oor die wen en verloor van wedstryde.

Wanneer 'n universiteit teen 'n ander studentespan speel, ding hy op gelyke voet mee. Wanneer hy hom in 'n ope klubluga begewe, weet hy wat wag. In die een geld 'n ongeskrewe reël van „fair is fair,” soos Shakespear met iets heeltemal anders in gedagte geskryf het.

DONKER

As vandag se studente spanfoto's uit Pa se skooldae goed bekyk, sal hulle gou sien dat party van die sogenaamde skoliere darem danig donker op die wange langs lyk. Daar was dus 'n tyd, nie so baie lank gelede nie, toe 'n ouderdomsbepanking in skolerugby ingestel moes word. Sommige mense het mos darem op skool al mondig geword.

Die wengedagte het egter mettertyd so sterk geword dat regverdigheid ook sy regmatige staanplek gekry het. As 'n skool die Administrateursbeker wou wen, moes hy dit doen met spelers wat nie ouer as agttien jaar is nie.

Op universiteitsvlak het dié regverdigheid egter nog nie inslag gevind nie. Intervarsities is al gewen deur spanne met spelers wat 'n hele entjie ouer as die gemiddelde student is.

OUD-STRYDERS

Die Ted Seeales-trofee is al

gewen deur spanne met sulke oud-stryders in hul gelede — manne wat nie net ouer en geharder as die meeste teenstanders is nie, maar ook nie werklik meer studente is nie.

Nou lyk dit darem of die saak keers kry. Die Universiteit van Pretoria, wat tot onlangs toe nog een van die skuldige was, het skielik op akademiese vlak vasgetrap. 'n Baie goeie speler wat drie jaar tevergeefs gesukkel het om verby sy eerstejaars-kursus te kom, kon hom skielik nie meer as student inskryf nie.

'n Ander baie bekende speler wat twee keer in sy graadjaar gedruip het, het dieselfde pad gevolg. Dit help al om manne uit te skakel wat hulle tot hul oudag as studente inskryf net om vir universiteitsklubs rugby te speel.

KOMBINEER

Party manne kry dit egter reg om rugby en studies te kombineer en steeds as studente te kwalifiseer, al is hulle ook dertig jaar en ouer. Dit is dié spelers wat die grootste vraagstuk skep.

Wat maak 'n universiteit met 'n man wat aan sy doktorsgraad werk, by die universiteit doseer en graag daar wil rugby speel?

OOREENKOM

Die enigste uitweg is dat universiteite onderling moet ooreenkom dat ten minste sekere sportsoorte (soos rugby) op universitêre vlak tot volwaardige studente onder 'n sekere ouderdom beoefen moet word. So sal dit immers regverdig wees as spanne in die Ted Seeales-reeks niemand ouer as 26 jaar insluit nie.

As dié universiteite in die ope klubluga van hul bonde met ouer nagraadse studente, dosente en ander werknemers wil meeding, kan niemand dit verhinder nie. Dit is trouens goed dat studentespanne in dié geselskap 'n paar geharde, ervare spelers het wat na die belange van die jonger manne kan omsien.

RUGGRAAT

Universiteite is dikwels die ruggraat van provinsiale spanne. Stellenbosch het die Westelike Provinsie nog altyd 'n goeie span gemaak. Tukkie en Noord-Transvaal is onafskiedbaar. Die Vrystaat se welslae is grootliks te danke aan sy sterk universiteitspan wat gereeld saam oefen en mekaar soos boesemvriende ken.

Tot tyd en wyl die Randse Afrikaanse Universiteit ook 'n

klompie ouer spelers het, sal hy in die Transvaalse Pirates liga soos 'n amateurbokser in die beroepskryt wees.

Miskien is rugby egter nie so 'n groot uitsondering nie. Die wengedagte in universitêre sport word so sterk dat selfs 'n Marvin Berz as 'n teenstander nie alte welkom sal wees nie.

Dié man speel nou met jare se ondervinding en waarskynlik met afrigting wat hom oor die jare baie geld gekos het, teen jong gholfspelers wat 'n groot agterstand het.

SNOEKER

As Jimmy van Rensburg hom nou as student by Potchefstroom inskryf en teen die Kovyies snoeker speel, sal dit mos 'n aardige lawaai veroorsaak, selfs al loop hy nie 'n enkele klas mis nie.

● Die Sportraad van die Suid-Afrikaanse Universiteite het eintlik nie 'n keuse nie. Soos die skole sal hulle 'n ouderdomsbepanking moet instel. As 'n man 21 jaar oud en nog op skool is, is hy 'n skoller — behalwe op die sportveld. As 'n man 28 jaar oud en nog op universiteit is, geld dieselfde beginsel.

● En in die Jaar van die Vrou is dit vanselfsprekend dat hulle ook in dié opsig gelykheid kry, hoewel dit seker nie so maklik sal wees om vroulike student te laat erken dat sy te oud vir universitêre sport is nie.

● Mnr. Burger, een van Suid-Afrika se bekendste sportskrywers, het spesiaal hierdie artikel vir die Wapad geskryf. Die Wapad wil net sê; Baie Dankie.

IN U LIG

PS. 25 : 16, „... want ek is eensaam ...”

Eensaamheid! 'n Soet woord, maar in sy diepste ook 'n bitter woord. As ons die kruiswoorde van Jesus Christus lees: „My God, my God, waarom het U my verlaat ...?”, dan besef ons dat dit helle-eensaamheid is.

Deur die sonde is die band met God verbreek, ons is eensaam: Die soete klanke breek egter deur as God in sy ontfermende genade die God-verlore mense weer gevind het in sy verlore eensaamheid. Dan jubel ons: „... dan ken my hart geen doodsvrees of verskrikking. U stok en staf my troos en verkwikking.”

OM DIE BOS GELEI

GEAGTE REDAKTEUR, — Hoe rym dit dan? Op die massavergadering waar Pops gehou is sê 'n ruk gelede, het die voorsitter (in nie-voorsittende hooftone) Pops daarvan beskuldig dat hy 'n Christelike skyn het en dat Pops veg vir die afskaffing van die C.H.O.-beginsel.

Ons as gewone Pukstudente het almal gedink dat u Pops-twee van Christelike skyn beskuldig, dat Pops se tweede vlugskrif net bedoel was om ons 'n rat voor die oë te draai.

Op die Groot Sweet moes ons hoor dat een van die studenteraadslide vir Pops se tweede vlugskrif verantwoordelik was. En dat hierdie studenteraadslid stil gebly het oor sy deelname ten spyte daarvan dat Pops op die massavergadering van naamloosheid beskuldig is.

Mnr. Krüger, u sê baie Pukke het van u deelname gewet. Wel ek is nie een van die

„baie” Pukke nie en die oorvloedige meerderheid Pukke deel ook nie u „baie” nie.

U wou met Pops speel, maar in die proses het u my en dus sende ander om die bos geleë en in die proses is baie ander mense vals beskuldig.

W. M. v. d. L.

'n Mens kan nie altyd wen nie



Hierdie foto, deur oom Piet Fotokuns geneem, spreek vanself wat gebeur het en hoe die mense gevoel het nadat die uitslag van die onlangse studenteraadsverkiezing bekend gemaak is. Hier is kandidate besig om die nuwe studenteraadsvoorsitter, mnr. Johan Pretorius geluk te wens.

REGSE ONDERGRONDSE BEWEGING WORD POPS SE EWEKNIE

'N UITERS regse en konserwatiewe ondergrondse organisasie, die Konserwatiewe Studente Aksie (KSA), wat as een van hul klagtes die komende internasionale konferensie oor Christelike Hoër Onderwys het, het ongesiens sy stem deur middel van naamlose vlugskrifte op die kampus dik gemaak.

Baie Pukke meen dat die KSA die regse eweknie van die „linkse” Pops is. Pops, die Potchefstroomse Organisasie vir Positiewe Studente, het onlangs groot opskudding met hul naamlose vlugskrifte gemaak.

ONTRUIM

Die KSA val ook die owerheid aan in die enkele naamlose vlugskrifte wat op die kampus versprei is. Die KSA „kla” namens die dames van Kasteel se blokke J en K wat hul kamers vir die internasionale konferensie wat in September hier gebou word, moet ontruim. Na bewering skryf baie van die dames dan toetse. Dit blyk egter nie uit die vlug-

skrifte of die KSA teen die veelrassigheid van die konferensie is nie.

CHRISTELIK

Die KSA beywer hom ook vir die konsekwente toepassing van die Christelike beginsels van hierdie universiteit. Dit moet op alle vlakke deurgetrok word. Dit wil ook voorkom asof dosente wat minder beginselvas is, die aanvalle van die KSA ten prooi gaan val.

SWARTLYS

Uit onbevestigde bronne het die WAPAD verneem dat die KSA 'n „swartlys” van studente en dosente wil opstel. Blykbaar gaan die mense op dié lys, ook onder die KSA sweep deurloop.

Wapad kry 'n nuwe redakteur



Mnr. George Lotter, Wapad se nuwe redakteur.

DIE WAPAD kry ook op 28 Augustus 'n splinternuwe redakteur. Hy is mnr. George Lotter, teologiese student, en 'n bekende in die georganiseerde studentelewe.

Bogenoemde is op 'n studenteraadsvergadering wat kort ná die verkiesing gehou is, bekend gemaak. Mnr. Lotter was die enigste genomineerde vir Wapad-redakteur nadat mnr. Corrie Kraamwinkel wat tot die studenteraad verkies is, sy nominasie teruggetrek het. Mnr. Lotter het heelwat onder-

vinding in drukwerk. Hy was al 'n slag redakteur van die Bondsode, 'n blad van die Gereformeerde Jeugledevereniging. Verder het hy baie met die opstel van plakkaat te doen gehad.

In 'n onderhoud met mnr. Lotter, het hy Die Wapad gesê dat hy nou met die Kommunikasiekundestudente sal skakel. Koerantwese is een van hul vakrigtings. Kommunikasiekundestudente ontvang onderrig in die tegniese aspekte van perswese.

Die huidige redakteur, mnr. Attie Gerber, gee amptelik op 28 Augustus die leisels aan mnr. Lotter oor.

Sing saam in Uitsleep

SEKER twee van die Pukke se grootste vriende, Flip en Eddie Erasmus van die Uitsleep, het in 'n onderhoud aan die WAPAD gesê dat dit enige Puk (of Pukke) vry staan om gedurende sleeptyd in die Uitsleep musiek te maak.

Vir die Puk se horde goeie folksangers behoort dit goeie nuus te wees. Manne met kitare, bekfluitjies en ander instrumente het nou 'n gulde geleentheid om die ledige aande te verwyl.

KLUB

Indien die reaksie goed is, kan dit selfs in Puk se eie folkmusiekklub ontwikkel. Hier is al lankal 'n behoefte aan so iets op die Puk. Mense wat belang stel, kan die Wapad by 22112, uitbreiding 3296 skakel.

LÊ WEER SWEEP IN OP WAPAD

DIE Wapad het ook weer kwaai op die Groot Sweet deurgeloop toe mnr. Fika van Rensburg, teologiese student en voormalige studenteraadsvoorsitter, oor die „snedige aanmerkings” in die Wapad gekla het.

Blykbaar is dit die sêgoed op nominasiedag (. . . As Heide tog vir my wil stem). Ons verteenwoordiger het juis die meeste van hierdie sêgoed uit die monde van mense wat baie na aan mnr. Van Rensburg staan, gehoor.



Mnr. Fika van Rensburg, kla oor „snedige” aanmerkings.

TUKS HOU OOK VERKIESING

DIE uitslag van die nuwe VSR van Tuks het twee kenmerke gehad, nl. die afwesigheid van 'n dame op die nuwe VSR en die lae stempersentasie. Mnr. Hendrik Bosman is die nuwe voorsitter.

Die SHKK sal spoedig 'n oorlegkomitee uit die primaries van die dameskoshuise saamstel om as direkte spreekbuis die vroulike geslag te dien.

Daar is drie mans as verteenwoordigers van 'n dameskoshuis verkies nl. mnr. Van der Merwe, Papp en Mills. Verteenwoordiging genoodsaak egter nie inwoning nie!

Dit blyk egter of die algemene lae stempersentasie nie so ernstig is nie. Daar was 'tegniese probleme met die

kieserslys wat 'n groot aantal persone op die lys gehad het wat nie daar hoort nie. Daar is egter aanduidings van dié afmeting wat onbetroubaarheid van studente begin aanneem. 'n Meer realistiese samestelling van die kieserslys word in die vooruitsig gestel.

Daar is ook gevoel dat daar doelgerigte pogings deur die VSR geloods moet word om nouer kontak met die studentegemeenskap te bewerkstellig.

KARLIEN 'N SPUL DONKIES

VIR Karlien, een van ons grootste dameskoshuise, is daar jaarliks 'n geleentheid wanneer 'n ieder en 'n elk van die Karlieners uithang. Hierdie geleentheid was vanjaar op 12 Augustus, so tussen die studenteraadsverkiezing deur. Op meegaande foto kan Karlien se embleem in lewende lywe gesien word. Die jaarlikse Donkie is in die Impala gehou.



... die donkie is 'n wonderlike ding ... het Karlien, een van die Puk se grootste dameskoshuise, gesing ná hul jaarlikse Donkie. (Foto: Fotokuns.)

WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET
WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF


Posbus 20060

Tomstraat 84

POTCHEFSTROOM

Tel. 6660

—WP



Intervarsity beteken; massa. Hier sit 'n paar Pukke luiers voor die Frans du Toit. Dit lyk nie juis asof die mense lus is om klas te draf nie. Die foto is deur oom Piet Fotokuns geneem.

DROEWIG

OP Wits gaan die stemmery ook maar bedroewig. In 'n tussenstudenteraadsverkiezing het slegs 18,8 persent Witsies hul stemme uitgebring.

Wits se konserwatiewe blad, Campus Independant, het weer eens 'n kwaai aanval op die linkervleuel geloods en gesê dat die lae persentasie die linkses op Wits bevoordeel.

TYDREN TUSSEN T.J. EN T.J.

GEHOOR van Thaba Jäh se tydren tussen Potchefstroom, die Carltonsentrum, Alexanderteater, Uncle Charlie's en weer Potchefstroom?

Vyf motors kompleet met navigators en bekdrywers het Johannesburg op horings geneem. Wie het gesê daar word by 'n rooi robot gestop? En Johannesburg se strate ry so waar alkante toe. Gelukkig het die verkeerskonstabels blykbaar ook kultureel verkeer.

SEDER

Die renjaers is sowaar toegelaat by die opvoering van 'n Seder val in Waterkloof — gelukkig darem nog voor sy val! Die Carltonsentrum se besinswaardighede en anderse eetplekke het vir 'n volmaakte afronding van die aand gesorg.

Hul roete het voorsiening gemaak vir laat-aand koffie by Uncle Charlie's, en vooruit beplanning het die laat inklok van die navigators glad laat verloop.

PAAL

Nabetragting in die mans- en dameskoshuise ná die tydren het een ding soos 'n paal bo water laat staan — dis die seder wat hierdie tydren in Potchefstroom laat verrys het.

Moet nou bedank

DIE ondervoorsitter van die studenteraad van die Randse Afrikaanse Universiteit, mnr. Hugo van Rooyen, moes uit sy amp bedank en kan hom ook nie weer vir die studenteraad verkiesbaar stel nie.

Volgens die studentedekaan, mnr. Prinsloo, kan studenteraadslede en huiskomiteeslede nie in hul ampte aanbly as hulle nie die vorige jaar geslaag het nie. Volgens die Heral, RAU se amptelike studentekoerant, kan hierdie bepaling ingrypend op die samestelling van toekomstige studenterade inwerk.

BESKERM

Mnr. Prinsloo het gesê dat hierdie maatreël studente teen hulself sal beskerm, maar ook verhinder dat studente wat nie werklik op akademiese gebied leiers is, in sodanige posisies beland nie.



Studente in Volkekunde kry binnekort 'n volwaardige museum. Hier sit mnr. H. van der Wateren, lektor in Volkekunde, by 'n deel van die versameling wat reeds verkry is. (Foto: Fotokuns.)

POPS-TWEE WORD BEKEND

MENEER die voorsitter, ek wil net aan mnr. Paul Krüger vra of hy vir Pops-twee verantwoordelik was, en indien wel, hoekom hy dit gedoen het.

Só het een van die vraestellers aan mnr. Paul Krüger, alias Etulo, tydens die Groot Sweet gevra.

Mnr. Krüger het toe erken dat hy daarvoor verantwoordelik was en met Pops die draak wou steek.

Dit was juis hierdie vlugskrif, Pop-twee, wat orals opslae gemaak het en ryklik deur al die groot koerante aangehaal is.

BETROKKE

Op die veelbesproke Pops-massavergadering het een Puk aan die voormalige studenteraadsvoorsitter, mnr. Marius

Schalekamp gevra of studenteraadslede by die opstel van Pops-twee betrokke was. Pops het juis in een van sy egte vlugskrifte bespiegel of die studenteraad vir die opstel van Pops-twee verantwoordelik was.

Mnr. Schalekamp het gesê dat hy nie daarvan iets weet nie en as studenteraadslede wel betrokke was, wou hy hulle geluk wens. Mnr. Schalekamp het ontken dat die studenteraad self daarvoor verantwoordelik was, hoewel individuele studenteraadslede dit kon gedoen het.

NAAMLOOS

Pops, nou reeds lankal vergete, is juis op hierdie massavergadering weens sy naamloosheid aangeval. Op die Groot Sweet het een manstudent daarop aangedring om die hele saak in die reine te stel omdat mnr. Krüger die hele Puk-massa mislei het.

Volgens mnr. Krüger wou hy net die draak met Pops steek.

★ Pops, die Potchefstroomse Organisasie vir Positiewe Studente, het onlangs groot opskudding oor die hele land veroorsaak. Pops het sy saak deur middel van naamlose vlugskrifte gestel en heelwat eise gestel wat 'n opskudding onder

die studentemassa veroorsaak het. Daar heers tans 'n algemene gevoel dat Pops vir die veranderinge wat oor die afgelope tyd op die Puk ingetree het, verantwoordelik was. Hierdie veranderinge sluit in die opskorting van die ou hareëre en die verkryging van 'n meer verteenwoordigende studenteraad.



... Paul Krüger, skrywer van Pops-twee.

Ontgroening 'n turksvy

'N GROOT turksvy aan ons universiteite, nl. ontgroening, het gedurende die naweek van 8 en 9 Augustus duidelik onder die soeklig gekom, tydens 'n groot regs-kongres. Die kongres is aangebied deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in die luukse C. R. Swart-gebou.

Prof. D. S. Straus het Vrydagoggend die openingsrede gelewer en sodoende die tema ingelei. Daarna het die manne en dames hul uitgevat vir 'n deftige kaas-en-wyn onthaal.

SIENING

Saterdagoggend het Pierre Joubert, die SR-voorsitter van die Kovsies, die dag se verrigtinge ingelui deur die studentesiening van ontgroening te weergee.

WET

Na oggendtee het adv. D. C. Smit S.C. die juridiese aspek van ontgroening breedvoerig bespreek. Hy het daarin geslaag om sy luisteraars duidelik daarop te wys dat ontgroening volgens die gemene reg nie toelaatbaar is nie.

KONSENSUS

Die kongres as geheel het tot vyf konsensuspunte gekom, nadat heelwat hare gekloof is oor die kwessie. Die punte sal aangestuur word aan die ASB-hoofbestuur.

Die gevolgtrekkings waartoe gekom is, is as volg:

1. Die algemene gevoel is dat die woord ontgroening vervang moet word deur die woord inburgering.

2. Meer seniorstudente moet by die ontgroening of inburgering betrek word.

VERKORT

3. Die inburgeringstydperk moet aansienlik verkort word. 4. Groter klem moet gelei word op groepsdifferensiasie. Verskillende programme moet opgetrek word vir bv. mans wat twee jaar lank militêre oplei-

ding ondergaan het of alreeds gewerk het. Hierdie is seker een van die belangrikste konklusies waartoe gekom is.

5. Daar is duidelik op gelet dat die gemene reg voldoende aksies gee aan die eerstejaars wat fisies en geestelik aangerand of te na gekom word. Statêre wetgewing is dus nie nodig in die verband nie.

Volgens kongresgangers was dit 'n baie geslaagde en betekenisvolle naweek wat weer eens 'n nuwe lig gekaats het op hierdie aktuele onderwerp.

Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningsskema. Lenings tot R4000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikaat. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoër rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde — te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.



Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Op die Standard kan u staatmaak

UNITAS 58/11/73/202/A

BEURSE OOP VIR R34 MILJOEN SE BOUERY

DIE beleid van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is om nie in bakstene en klei te belê nie, maar in mense: in studente, dosente en personeel.

Maar met 'n verdriedubbeling in studentegedagte binne die bestek van een dekade, word doeltreffende akademiese en akkommodasiegeriewe tog dringend noodsaaklik.

KOSHUISE

'n Belangrike en unieke probleem waarmee die P.U. te kampe het, is die feit dat 60 persent van sy studente — 'n rekord — op die kampus gehuisves moet word. Ander universiteite wat in groot stede geleë is, het nie in dieselfde mate hierdie probleem nie. Koshuise is duur.

Die afgelope vyf jaar alleen moes koshuisegeboue en eet-sale ten bedrae van R4,5 miljoen aangebou word, sodat 'n totaal van ongeveer 3 600 studente tans in die P.U. se eie koshuise gehuisves kan word. 'n Verdere blok om 500 studente te huisves, is beplan, en sal teen 'n koste van R2,75 miljoen opgerig word.

UITBREIDINGS

Ander uitbreidings wat die

KLUB GROEI ONDANKS DRIE DOOIE VOELTJIES

MONTIUM kom toe op sy laaste toer op drie doele voëltjies af. Gelukkig het hierdie grusame gebeurtenis geen invloed gehad op die klub se groei nie.

Hulle onderneem alweer op 1 September 'n groot toer na die Ulumbé Bosse. Almal is welkom om saam te gaan. Verdere inligting kan by Frans Meyer verkry word.

Die naweek van 15 Augustus hou hulle 'n Intervarsity met Explo in die Magaliesberge, en so pas agter die rug is 'n aksie met RAU. Montium het die Avontuurklub van die Randse Studente bietjie touwys gemaak.

Montium beoog dan nou ook 'n Interklubbetwisting met hulle, veral met die doel om hulle nog 'n paar goeie dinge te leer.

Hou gerus die kennisgewing-borde dop en maak die volgende Montiumtoer mee, sodat die lot van die drie voëltjies nie ook die Klub tref nie!

afgelope jaar of wat voltooi is, sluit onder meer die Biblioteek in, waarvan die oppervlakte drievoudig vergroot is en waarop klaskamers vir 2 000 studente ingeruim is, teen 'n totale koste van R1 250 000. 'n Nuwe gebou vir Geologie, Geografie, Beplanning en Bodemkunde is vir R450 000 opgerig, asook verskeie sportfasiliteite. Die belangrikste hiervan is die Fanie du Toit-sportterrein, waar die Oude Molen-moeras drooggelê en 16 tennisbane, 8 rugbyvelde, 'n paviljoen, kleedkamers, ens. teen R700 000 opgerig is.

Ons was daar

STUDENTE in Staatsleer, Internasionale Politiek, Kommunikasiekunde en ander vakrigtings kon verlede Woensdag letterlik uit die perd se bek hoor wat nou eintlik in Rhodesië, Zambië, Angola en Mosambiek aan die gang is.

Die Sentrum vir Internasionale Politiek het vier politieke

joernaliste genooi om die studente van hul ervarings in hierdie gebiede te vertel. Die vier joernaliste, Chris Vermaak van Rapport, Chris Rencken van die SAUK, André du Toit van Vaderland en Johan Snyman van Die Transvaler, was dit eens dat daar 'n oplossing vir die Rhodesiese geskil gevind moet word.

FOTO'S

Vir sommige van hulle het dit ná samesprekings met sommige regeringswoordvoerders in Rhodesië geblyk dat toonaangewende Rhodesiërs in regeringskringe verkieslik nie 'n oplossing wil hê nie en dat hulle onder die indruk verkeer dat Suid-Afrika hulle sal help — al gebeur wat. Mnr. Chris Vermaak van Rapport het die studente ook gruwelfoto's ge wys wat in Angola geneem is.

KYK EN BEPLAN

Studente in Beplanning kyk hier belangstellend na 'n model van Potchefstroom. B.A. Beplanning is een van die minder bekende kursusse op die Puk. (Foto: Fotokuns).



AS U GELD STU-KRAG VRA.

Dis nie speletjies om geld te belê nie. Vandag nog minder as voorheen. Want deesdae moet u geld inflasie kan hokslaar.

Dus, voor u sommer in enige spaarrekening gaan geld belê, vra uself eers af:

(i) Kry ek die hoogste beskikbare rentekoers?

(ii) Is daar dalk versteekte finansiële koste wat my rentekoers verminder?

(iii) Word my rekening maandeliks met die rente gekrediteer — of net een keer per jaar? (As u maandeliks gekrediteer word

soos by Nedbank, verdien u spaargeld saamgestelde rente, en u belegging groei soveel vinniger.)

(iv) Word ek beskerm teen 'n skielike daling in rentekoerse — en gaan ek baat as die koerse weer klim?

(v) Kan ek geld trek as ek wil? U sal vind Nedbank weet die beste raad met u spaargeld. Wát u besondere behoefte ook al mag wees. En as u eers 'n Nedbanker is, sal u 'n Nedbanker bly.



DIE TOEKOMS LÊ
BY DIE NEDBANKERS

Nedbank Beperk
Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.



Ontmoet ons universiteitsman —
Mnr. Christo Holtzhausen

Wanneer daar onmiddellike deskundige advies oor studente se geldsake, versekering, reis en dies meer verlang word, sal u vind dat julle mekaar verstaan.

Vir volledige inligting oor ons Universiteitsdiens en vir vinnige besluite, sien Christo Holtzhausen by Nedbank in Potchefstroom of skakel hom by 4394.

Wat u planne ook al is, een manier om in die lewe vooruit te kom is om die regte mense te ken.

Die
Nedbankers

BAIE NEGATIEF BAIE NUSAS OF BEYERS NAUDÉ

Ná die onlangse Nusas-kongres in Durban het baie mense gewonder of BN eerder vir Baie Nusas as Beyers Naudé staan — maar, dit kan ook Baie Negatief wees.

Dr. Beyers Naudé, direkteur van die Christelike Instituut en 'n voormalige NG-predikant, was een van die hoofsprekers op dié kongres. Ofskoon hy baie neerslagtig was oor die Regering se onderdrukkende maatreëls om vrye meningsuiting aan bande te lê, het hy Nusas as 'n kampvegter vir „sosiale regverdigheid” geloof en hulle gevra om hul uitdagings vierkant in die gesig te staar.

UITDAGINGS

Volgens dr. Naudé moet Nusas aan die volgende uitdagings dringende aandag skenk: die vaspenning en herwaarderding van sy oogmerke, 'n waardebepaling van die ontspanningspolitiek (détente), die toekoms van Swart Nasionalisme, die vermeerdering van skakeling met die Swartes en om saam met veranderende omstandighede te verander.

DUIDELIKHEID

Dr. Naudé het 'n beroep op Nusas gedoen om homself af te vra of hy werklik nog vir dit veg waarvoor hy die afgelopen aantal jare geveg het. Nusas moet nou enige onenigheid in sy leiersgeledere uitskakel en 'n duidelike en eenvoudige bloudruk van beginsels en oogmerke daarstel. Nusas moet ook eerlik met homself wees en vir dit veg waarvoor hy hom opreg ten doel gestel het. Nusas moet hom nie deur die Regering en ander denke laat lei nie.

„Dit is wat julle aan juisself doen of deur ander aan julle laat doen, wat sal deurslag gee. Dit is daarom noodsaak-

VASBYT DOEDIES

DIE eerste netbalspan van die PU, kan nog die liga wen as hulle net baie hard vasbyt en minder getreiter word deur beserings!

Woensdag, 7 Augustus, moes die dames handdoek ingooi voor die sterk span van Potch Dorp. Die twee spanne het mekaar goed opgeweeg, maar die feit dat die Pukke die wedstryd verloor het, bring hul nou gelyk met Potch Dorp.

Die tweede span het ook teen die span verloor. Die eerste en tweede span sal nog moet kragte meet. Teen Pote het beide spanne goed vertoon en betreklik maklik hul wedstryde gewen.

Die eerste span wat reeds sedert die SAU-toernooi getreiter word deur beserings, het nog 'n speelster op hul krukkelys gevoeg. Wilna Vondse moes haar aan die span onttrek weens 'n ernstige kraakbeenbesering. Dit is natuurlik 'n groot verlies gesien in die lig daarvan dat sy vir die Universiteit se B-span gekies is gedurende die vakansie. Annette Cronje en Adri Coetzee sukkel nog albei met beserings, maar hoop om met Intervarsity fiks te wees.

lik dat julle duidelikheid oor jul oogmerke as 'n studente-organisasie kry”, het dr. Naudé gesê.

DÉTENTE

Dr. Naudé het Nusas ook gevra om die huidige ontspanningspolitiek na waarde te skat en uit te vind wat détente se uitwerking op die Regering se opposisie is. Dr. Naudé het die Regering daarvan beskuldig dat hy met détente die kapitalisme sterker as ooit tevore in Suid-Afrika gevestig het. Dit is 'n uitdaging aan Nusas om toe te sien dat die Regering nie die ekonomie sal gebruik om enige deel van sy onderdane te onderdruk nie.

REGVERDIG

Nusas moet ook aandag skenk aan sosiale regverdigheid in Suid-Afrika. Kapitalisme en sosialisme moet teen mekaar opgeweeg word om sodoende 'n vegsiglyne vir die toekoms te kry.

Dr. Naudé het ook op die snare van swart Nasionalisme gespeel en gesê: „My begrip van die Swartes se siening van eiendom, verantwoordelijkheid aan die gemeenskap en sosiale regverdigheid laat my tot die gevolgtrekking kom dat die Swartes beslis een of ander vorm van Swart Sosialisme ondersteun”.

„Ek glo ook dat sosiale regverdigheid (vanuit my Christelike siening) 'n meer ewerdige verspreiding van rykdom behels en dat dit op een of ander vorm van sosialisme sal uitloop”, aldus dr. Naudé.

Dr. Naudé het ook gewaarsku dat Suid-Afrika binnekort deur 'n aantal sosialistiese state omring sal word en dat dié state druk sal uitoefen om sosialisme in Suid-Afrika gevestig te sien. Dit is die studente se taak om die uitdagings wat hierdie sosialistiese state aan Suid-Afrika gaan stel, te aanvaar en dan toe te sien dat die voordele van sosialisme in die belang van sosiale regverdigheid aangewend word.

SKAKELING

Nusas, as 'n Blanke studente-organisasie, moet ook met inagneming van die Blankes se strewes, vrese en geloof, daarna streef om die strewes, ideale en probleme van die Swartes onder sy lede tuis te bring. Daarom moet daar nouer met die Swartes geskakel word sodat mens hulle beter kan verstaan. Ondanks al die probleme wat Nusas ondervind om sinvol met die Swartes te skakel, moet daar volstoom nouer aansluiting met die Swartes gesoek word, aldus Beyers Naudé.

ONTPLOOI

Dr. Naudé het ook gesê dat verandering in Suid-Afrika reeds besig is om te ontplooi. Dr. Naudé het gesê dat studente hierdie verandering moet aanblaas sodat dit nie net ydele woorde bly nie.

„Sal ons as Blankes die rol speel om verandering teen te werk, belangeloos daarteenoor te staan, of positief en skepend daarteenoor reageer?

Hierdie is die allerbelangrikste vraag wat nie net die Christelike Instituut en Nusas sal moet beantwoord nie, maar elke Blanke Suid-Afrikaner wat sy land lief het”, het dr. Naudé afgesluit.

● Die Christelike Instituut is op 13 Augustus 1963 in Johannesburg gestig. Dr. Beyers Naudé, wat destyds 'n NG-leeraar was, het op 6 November 1963 sy werk as direkteur van die CI begin. Van meet af aan het die Christelike Instituut hom vir radikale verandering beywer en dit regverdig deur te sê: Radikale verandering is 'n Bybelse begrip — iets wat

★ Vervolg op bladsy 8



LEKKER ERTJIES

DIE groot fietsry-kanon van die Puk, Ernst Bezuidenhout, het gedurende die naweek van 3 Augustus, die lang pad in die Oos-Kaap met groot vasberadenheid getakel.

Hy het deelgeneem aan die Hennie Binneman wedren en skoonskip gemaak met 'n tyd van 2 uur 26 minute. Die wedren is 100 km lank en die baan strek vanaf Port Elizabeth na Port Alfred.

Die persoon wat tweede geëindig het, se tyd was 2 uur 28 minute en die derde plek is verower in 'n tyd van 2 uur 31 minute.

Lekker nou vir Ertjies!

Die Pukmassa besig om geeste te vang vir die komende Intervarsity teen Kopsies. Die Pukmassa sal agter hulle manne staan. Die geeste was nog nooit so goed soos vanjaar nie. (Foto: Fotokuns).

Studente sal nooit weer dieselfde wees nie.

Ons kan jou volledige dienste aanbied soos tjeke-rekenings, spaarrekenings, persoonlike lenings en advies oor enige geldelike aangeleentheid.

Ons noem dit eenstop-bankdienste. Jy sal dit fantasties noem.

Jy sal moontlik nie nou al ons fasiliteite nodig hê nie, maar eendag sal dit goed wees om te weet dat Die Trust Bank oor al die finansiële saakkundigheid beskik wat jy ooit gaan nodig kry.

Jy is oud genoeg om 'n bankrekening te hanteer. Begin gerus dadelik daarvan gebruik maak.

Om nadere besonderhede, skryf aan: Die Trust Bank, Posbus 2116, Kaapstad 8000.

Banke sal nooit weer dieselfde wees nie.

DIE TRUST BANK

Gereg. Algemene Bank



Hier is die Groot Bulle van die plaas. Uit hierdie sewentien spelers word die Theos gekies (sien bladsy veertien vir die volledige span). Hierdie span is nie baie ervare nie, maar het die mees bekwame afrigter in die land, oom Johan Claassen. Op die foto onder lyk dit asof Nico Luwes, 'n Kovsie wat ons hoofdirigent wou skaak, baie gelukkig in sy mandjie is. (Foto's: Fotokuns.)

Intervarsity is hier om te geniet

ORANJE nartjies en bruin grondboontjies en skielik, hier teen die einde van die winter, is dit Intervarsity!

'n Intervarsity vol wit judopakke wat verwoed blits; bruin bene wat spring agter balle aan; hygende asems teen 'n steil bult uit; 'n raket wat rakelings 'n bal bykom.

RUGBY

En die rugby — ai die rugby. 'n Blomtuinskare van maroen en wit en oranje en blou — almal jillend en giggelend en vouend van opgewondenheid.

Die sjampanje is klaar gedrink en dan draf die groot lekkerkry met sterk liggame onder die pawiljoen uit en die skare gaan onderskeidelik afsonderlik mal — afhange van wie wanneer verskyn en gooi sommer 'n paar grondboontjies vir atmosfeer rond.

STOEI

Die fluitjie blaas en dis net Kovsiekat en Puk se leeu waar jy kyk en almal skreeu hul kele af en elkeen speel vir sy universiteit. Dit losskrum en stoei en hardloop en lê appels in en die nartjieskilte reën oranje oor die veld.

VERLEDE

Maar kom ons kyk 'n bietjie na historiese gegewens. Sedert 1943 het daar onafgebroke 'n jaarlikse Intervarsity plaasgevind tussen die Universiteit van die Oranje Vrystaat en die Potchefstroomse Universiteit. Dit op sigself is 'n prestasie as in ag geneem word dat ander tradisionele Intervarsities tot niet gegaan het, bv. die tussen

Maties en Ikeys en Tuks en Wits.

GEWEN

Vanjaar vind die 35e Intervarsity plaas. Van die 34 reeds besliste wedstryde het Kovsies agtien gewen en kon die Pukke met dertien oorwinnings spog. Die stryd is gewoonlik verbete — in veertien kragmetings was die punteverskil drie of minder.

KUNSTE

Die Vrystaters het 'n vierkuns behaal en drie keer 'n

driekuns, terwyl die Puk twee maal 'n driekuns behaal het. Die Puk se grootste oorwinning was in 1955 toe hul as oorwinnaars uit die stryd getree het met 'n telling van 16-3. Die Kovsies se groot sege was in 1963 toe die tuisspan met nertien man die wedstryd moeklaarspeel.

Die Pukke het in 1967 in op Olënepark verloor en vanjaar is 1975 — 'n groot jaar vir Taalfeeste en vroue en kinders en wat gaan die Pukke vanjaar van hul wedstryd maak? Mens kan maar net hoop dat alle duime vashou — ons spelers is egter vol moed.

WAT DIE REKTOR SÊ

VIR die soveelste maal 'n woord van hartlike welkom aan die Kovsies: Hierdie gebeurtenis van die jaar belooft om in die tradisie volkome in te pas.

Ek twyfel of daar nog 'n enkele geleentheid aan dié twee universiteite is wat soveel bied op die weg van selfvorming van die student. Hiermee staan elke man en dame voor die pragtige uitdaging om met albei hande aan te gryp wat dan op hulle pad

kom om letterlik die hele spektrum van die akademie kragte te meet.

Die vergeesteliking van hierdie wrywing kan nie anders as om mense te slyp nie. En hoe het ons nie vandag sulke geslyptes nodig nie.

Kovsies, van ons kant gee

ons alles wat die kompetisies bied, behalwe die oorwinnings, aan u.

Pukke, moet my nou nie in dit verleentheid stel nie!

'n Genotvolle Intervarsity aan almal.

H. J. J. Bingle, Rektor.

PROF. B. KOK — U.O.V.S.

MAG hierdie 35ste kragmeting tussen twee Afrikaanse universiteite wat in oorsprong, gees en strewe uit dieselfde bron drink, soos in die verlede weer 'n skitterende skouspel van mededinging op die hoogste vlak wees. Mag die sigbare gewerskaf OM TE WEN, die uiterlike vertoon van spoed, spierkrag en spelvernu, slegs die trotse weerskaatsing wees van 'n dringende wilshouding OM TE OORWIN: lojaliteit, stabiliteit, weerbaarheid, wilskrag, beslislust, vasberadenheid, konsentrasie, selfvertroue, selfbeheer, beheersheid en innerlike dissipline.

Dan, as die slag gelewer is, staan die telbord daar, gehul in 'n verhewe lig waar syfers nie meer saak maak nie.

— B. Kok, Rektor

'N ONBEGONNE TAAK OM VOORSPELLINGS TE WAAG — JAMES

DIT is weer Intervarsity, die tyd van gesonde mededinging en waarna elke student uit sien.

Welkom aan alle rugbymanne en in besonder ou Klippias en sy span. Ons gaan Intervarsity hou in die ware sin van die woord. Kom ons speel rugby in die regte gees en laat sportmanskap seëvier.

Om voorspellings met Intervarsity te maak, bly 'n onbegonne taak. Daarom wil ek net sê:

Alle welkom sukses aan die Kovsies.

Mag die beste span wen.

— James Stofberg, PU-kaptein



James Stofberg, Theos kaptein. Op hom wag daar 'n taak om Saterdag se onwaarskynlike waarskynlik maak. (Foto: Fotokuns.)



Prof. H. J. J. Bingle, self 'n Theo so paar jaar gelede ... 1929.

DIE HELE KWESSIE

SMEUL AL LANK

Deur Hennie Brandt

Hennie Brandt
van Beeld
skryf in
die Wapad

DIE hele kwessie van ope en geslote klubs smeul reeds jare lank, en dit is nie onwaarskynlik dat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad in die toekoms 'n vaste reël in dié verband sal moet neerlê nie.

Dit is seker nie verkeerd om die hele opset van die Ted Scaleskompetisie vir Suid-Afrikaanse universiteite as 'n klug te bestempel nie. Tans speel verskeie spelers vir universiteitspanne hoewel hulle geen lesings bywoon nie en ook geen eksamen aflê nie.

Volgens die universiteitsreëls is hulle egter ingeskrewe studente, en as sulks word hulle toegelaat om die betrokke universiteit op die sportveld te verteenwoordig.

JANNIE

Die eerste keer wat die breë publiek van die saak kennis geneem het, was die klein stormpie wat om Jannie Engelbrecht losgebars het. Engelbrecht het, ná hy afgestudeer het op Stellenbosch, 'n ingeskrewe student gebly en tot aan die einde van sy rugbyloopbaan vir Maties gespeel, verskeie jare as kaptein.

Die Boland het in 'n stadium gedreig om die saak na die Suid-Afrikaanse Rugbyraad te neem. Engelbrecht het op Koekenaap gebly — binne die Bolandse grense — en die Boland het gevoel dat hulle geregtig behoort te wees om van die Springbok gebruik te maak.

„EXPRESS”

Voor een van die destydse Intervarsities tussen die Maties en die Ikeys het die Kaapse studente ook die onvleiende bynaam van „The Koekenaap Express” aan Engelbrecht gegee.

Ná Engelbrecht se uittrede het die saak min aandag gekry, hoewel die onhoudbare posisie dieselfde gebly het. Selfs toe Grahame Thorne, All Black-driekwart van 1970, vir die Tukkies gaan speel het, het

geen haan daarna gekraai dat hy nooit klas gedraf het nie.

Vanjaar het die saak egter opnuut uitgebars en daarom is daar 'n moontlikheid dat die Rugbyraad uitsluitel sal moet gee.

IKEYS

Die Ikeys het besluit dat net werklike studente die universiteit mag verteenwoordig in die Ted Scaleskompetisie. Toe die Ikeys besef dat hulle in sulke omstandighede maar 'n swak span in die veld sal kan stoot, het hulle besluit om hul span te onttrek.

Daarna het die Kovsies RAU verneder in 'n wedstryd in die kompetisie, en nadere ondersoek deur 'n Johannesburgse middagblad het aan die lig gebring dat verskeie Kovsies nie studente in die werklike sin van die woord is nie.

Dit sal maklik wees om die bohaai af te maak as oordrywing, maar so maklik is dit nie. Die Ted Scales en Intervarsities is ingestel om studente-sportmanne die kans te bied om teen mekaar mee te ding, en dit is wat dit ook behoort te wees.

BONA FIDE

Daarom dink ek dat die universiteitsowerhede moet toesien dat slegs Bona Fide studente vir die Varsity se klub moet speel. Dit beteken studente wat regtig klas draf en nie daar is om net rugby te speel nie. So 'n student moet dus elke dag klasse bywoon.

• 'n Ander ding wat ook gerus gestop kan word, is die feit dat personeel wat aan 'n universiteit verbonde is, ook nie toegelaat moet word om vir die betrokke klub te speel nie.



Vuil wasgoed toe 'n Kovsie

Deur Annali Cabano

MAANDAGOGGEND het 'n mandjie wasgoed voor die Totiussaal gestaan. Dit op sigself was 'n ietwat vreemde verskynsel, maar toe die mandjie begin praat en nog boonop in Kovsietaal, was daar lout in die lug!

Nico Luwes, 'n tweedejaarstudent aan die universiteit van die Vrystaat, wat om persoonlike redes nie sy kursus wil bekend maak nie, is Sondag deur die flinke optrede van die Veiligheidsafdeling van Caput gevange geneem. Hy het Potchefstroom besoek ten einde 'n uitruilskema te bewerkstellig, waarskynlik van dirigente, maar die resultate was swak.

Vrydag het hy met twee makkers en 'n aster in Potchefstroom aangeland en koers gekies Elgro toe. Daar het hulle die hotel se krag afgeskakel. Vele PUK-vriende het hom nie herken nie.

Saterdag het die Kovsies 'n besoek aan die rektorswoning gebring en hul voorgedoen as studente van RAU. Hulle het onder meer verneem na studiemoontlikhede, beurse en lenings aan die PU. Die aand het hulle 'n troue in die dorp bygewoon waarna hul plan begin beweeg het.

Sondagand het hul by Uitspan aangedoen om uit te vind waar ons hoofdirigent woon en

Die Oribi's wat vanjaar besonder goed geïmplementeer het. Twee jaar gelede het hulle skoonheid gemaak van hulle Kovsie-opponente op Olënpark. Verlede jaar het hulle in die Vrystaatstadion naelskraap verloor. Vanjaar is hulle vol moed om weer eens die louere op eie kampus te hou. Die span vergelyk besonder goed met hul teenstanders en as hul speel soos hulle gedurende dié jaar gespeel het, is die Pukke weer bo. Foto: Fotokuns.

Die Kovsiekat se hare waai en die Puk se leu grys van pure lekkerkry. Nico Luwes se hare word hier deur Dawie afgesny. (Fo to:Fotokuns.)



SAKE LYK MAAR DONKER

Deur Jurg Prinsloo

WIE gaan op 23 Augustus 1975 as oorwinnaars van Olënpark se rugbyveld afstap ná tagtig minute se moordende studenterrugby? Dit is die groot vraag wat nou al in menige Puk se gedagtes maal.

Terwyl die Kovsies met hul swaar belade span 'n paar weke gelede nog 'n krikettelling

teen die eerste span van RAU behaal het, moes die Pukke net so onlangs die knie buig voor Rustenburg Platinamyn en Strathvaal onderskeidelik.

PU 1B het met 16 teen 3 teen RPM verloor, terwyl PU 1A met die ongehoorde telling van 40 teen 16 teen Strathvaal ondergegaan het. Anders as in die Presidentliga, het albei Pukspanne Saterdag op volle sterkte gespeel. Terwyl die 1B's hulle betreklik goed van hul taak gekwyd het teen die swaar span van RPM, het die 1A's 'n teleurstellende vertoning gelewer.

Iewers moet 'n skroef los wees — en daardie skroef sal vinnig opgespoor moet word!

'N WARE INTERVARSITY

NOGEENS Intervarsity, nogeens 'n studente-belewenis.

Wat 'n voorreg om te kan deel in 'n intervarsity tussen hierdie twee trotse Afrikaanse Universiteite. Weer eens glo ons, sal dit 'n dag vol hoogtepunte wees, gedra deur studente, Pukke en Kovsies, wie dit eens voel oor die ware gees van intervarsity. Ons wil poog om hierdie grootse dag steeds so te bewaar, dat vir die jare wat nog mag kom, dit die aangenaamste herinneringe sal oproep.

Die uitslag — ons twyfel nie. Maar mag die lourierkrans steeds gaan aan die grootste oorwinnaar: 'n WARE INTERVARSITY.

P. Joubert
S.R.-Voorsitter,
U.O.V.S.


OM TE WEN 'N GROOT UITDAGING

ONS staan nou weer voor die deur van nog 'n Intervarsity teen die Pukke met die besef dat ons agt jaar gelede laas op Olënpark kon wen. Daarom is dit vir die Sjimlas 'n groot uitdaging om die bordjie te probeer verhang.

'n Mens durf nie die uitslag van 'n Intervarsity voorspel nie — ons is bewus van die skitterende vertonings van die PUK-span vanjaar — maar wil die wens uitspreek dat al die rugbywedstryde in 'n egte Intervarsitygees sal plaasvind.

Mag almal wat deel het in hierdie besondere dag dit ten volle geniet.

— Klippies Kritzing
Shimla-kaptein



Klippies Kritzing, Springbok en kaptein van die Shimlas.

HARTLIK
WELKOM
KOVSIES

INTERVARSITY! 'n Opwindende en kleurvolle woord in die woordeskat van 'n student. Hierdie woord is nou vir die Pukke en Kovsies 'n werklikheid. Dit is 'n werklikheid wat studente van beide kampusse ten minste een keer in hul studieloopbaan op die ander kampus kan belewe. Indien jy gelukkig is kry jy 'n tweede kans om op die ander kampus te gaan kuier of as jy ongelukkig is — drie of vier keer.

Alle Kovsies is hartlik welkom op die PUK — gelukkiges sowel as ongelukkiges. Die Pukke wil graag aan julle die beste bied, af van die sportveld sowel as op die sportveld.

Intervarsity impliseer kompetisie — kompetisie wat gesond taai is soos net die Pukke en Kovsies dit kan verskaf. Die enigste nadeel om 'n goeie sportman te wees, is dat jy moet verloor om dit te kan bewys.

Ons ding mee as twee Afrikaanse kampusse met 'n lang tradisie van Intervarsities agter ons. Mag ons hierdie mededinging van hoogstaande kwaliteit verstewig met nog 'n onvergeetlike Intervarsity!

Geniet dit!
Marius Schalekamp
SR Voorsitter

INTERVARSITY! Wat 'n groot woord in die lewe van 'n student en veral 'n PUK-student. Dis 'n week van geesvang (ek praat nou van die Pukke, want die Kovsies(togs) weet nie wat dit is nie) en somer net te kere gaan. Dis geesvang wat alleen Pukke kan doen.

Aan die Kovsies(togs) baie welkom op die PUK kampus. Julle gaan nie tuis voel nie, maar groot, want om op die

'N VOLLE
WEEK VAN
GEESVANG

PUK te wees, is mos een te veel vir julle.

Die dinamiek uit die Noorde voer nou mense se gedagtes in stilte na die twee stilteleiers. Al ons Pukke se simpatie aan

julle want om daardie spul oertels (Kovsies(togs)) aan die sing te kry en vir hulle om in julle verrimpelde gesigte vas te kyk, is sekerlik nie lekker nie.

Kom Pukke en Kovsies, ons geniet die Intervarsity en maak INTERVARSITY '75 een van die grootste oot.

Mag die beste universiteit wen!
Dawie Weyers
Hoofdirigent

Stotter nes
Protter

DIE feestelike tyd het weer aangebreek te midde van 'n tyd van ontspanningspolitiek in Suid-Afrika, nogtans sal daar geen ontspanning vir die Pukke wees nie. Die enigste ontspanning kan aan die kant van die Kovsies wees, en ons enigste spanning sal ons lagspiere wees, wat tot die uiterste gespan sal wees.

Die Pukke die kla oor 'n generasiegaping — maar Klippias Kritzinger is geen Kaping. Naaste wat Pukke aan 'n generasiegaping kom is wanneer hulle op 'n rasieoefening brom. Wat van Van Rensburg wat al in sy plooië verwurg.

Net 'n kortlikse woordjie aan die Pukke, al is julle ook die

23e ook hoe op julle stukke, is julle kanse so min soos Andy Capp s'n op 'n kerkraadsverkiezing.

Pukkies vir julle wil ons net sê vir julle sal daar 'n geweent en gekners van tande wees, en die wat nie oor tande beskik nie hulle sal gesponser word met tande.

Maar manne van die Kovsie skare, (dié met uitgeskeerde koppe en lang hare), in Potch is daar vir julle geen gevare. Klomp Puk-barbare, gee die koud wind en die ou vrou gare.

Daar in Potchefstroom is die mense glad nie vroom, hulle is nog lam in die knieë van die droom by die wilgerboom.

Laat ons nou tot 'n punt kom en hierdie intervarsity so groot maak soos ons punte daardie dag sal wees.

Maar voordat ek afsluit wil ek net sê, neem tog julle klere drag in ag sodat ons ons daardie dag gate uit kan geniet.

Ek sluit af met die wete dat ons Pukke kaf sal draf, punte is vir ons soos brood en botter dit sal die Pukke laat stotter soos koeëls uit die masjien-geweet van Protter — warm marmalade uit die Joodse Ambassade.


Maak dit 'n groot intervarsity Kovsies.

Riaan van Eck.

DUK

DIT is die eerste keer in die geskiedenis dat daar by Intervarsity 'n Duik- of Scubawedstryd is. Die rede hiervoor is dat Kovsies se duikklub maar net een jaar bestaan.

In vorige Universiteitskampioenskappe het die PUK voor Kovsies geëindig en is baie optimisties oor die wedstryd. Dit sal Saterdag teen nege uur by Boskop Dam plaasvind. Toeskouers is welkom. (Bobby Reinecke).



BOBBIE REINECKE

HOKKIE (M)

DIE Kovsies het 'n goeie span — ons het hul tydens die SAU-toernooi gesien en ons gaan hulle dus glad nie onderskat nie. Oor ons span voel ek egter gerus, want ons is fiks, goed gemotiveerd en na my mening die beste span in manshokkie waaroor die Puk in jare beskik het. Ons kan nie wag om met die Kovsies slaags te raak nie, want ek dink tog ons gaan hulle die verrassing van hul lewe gee.

Gert Cilliers



GERT CILLIERS

HOKKIE (D)

INTERVARSITY 1975! Min Pukke onthou seker nog die slagting op die hokkieveld verlede jaar. Hierdie jaar is ons gede-termineerd en gereed om die Kovsiekat flou te kap. Teen 'n gees soos wat die hokkiedames hierdie jaar beleef, sal nie eens die Kovsies bestand wees nie.

As Pukke is ons gemotiveerd vir die stryd. Met julle ondersteuning kan en sal ons die PUK se naam hoog hou!

H. de Korte




H. DE KORTE

KARATE

DIE karatespan het alle rede om die komende botsing teen die Kovsies met vertroue te ontmoet te gaan. Ons het 'n baie sterk span met onder andere twee derde dans, Braam Peens (kaptein) en Herold Wagner. Die ander lede van die manspan is Kobie Taljaard, Corrie Botha en Pat Hunter. Dit is op een na die span wat met die Kovsies afgereken het op die S.A.U.-toernooi. Die spanlede is ryk aan ondervinding en sal hul beste lewer vir die PUK.

Braam Peens



BRAAM PEENS

LANDLOOP

SATERDAGOGGEND om 10-uur vind die Intervarsity landloopbyeenkoms plaas op die Fanie du Toit sportterrein. Hierdie wedloop belowe om die spannendste in Intervarsity-geskiedenis te wees.

Kovsies, wees gewaarsku, die Leeu is gesond en sy kloue goed skerpgemaak. Kom Pukke, ondersteun julle manne en asters Saterdag, kom moedig aan kom lig hulle bo die Kovsies uit sodat ons hulle weer eens op hul plek kan sit.

Pypies Laubscher



PYPPIES LAUBSCHER

MUURBAL

BY ons en die Kovsies is muurbal, „die sport van die toekomst“, nog maar 'n aspoester-tjie-sport. Tydens inter-universitêre toernooie hang ons monde oop oor die vaardigheid van mede-studente van Engelstalige universiteite — en druk ons mekaar om nie laaste te eindig nie!

'n Interessante botsing word in die vooruitsig gestel en as dit verby is, verkeer ons gesellig saam. En is ons almal by hernuwing bly dat ons juis muurbal speel.

Piet van der Schyff



PIET VAN DER SCHYFF

GESONDE
GEES IN
GESONDE
LIGGAAM

MIN dinge is so waar by 'n student dat 'n gesonde gees gevind word in 'n gesonde liggaam. In hierdie opsig speel sport 'n baie belangrike rol in ons studentelewe.

Intervarsity is 'n towerwoord wat alleen 'n student presies weet wat dit beteken. Die pers en die filmbedryf laat die buitewêreld net so 'n kykie kry in hierdie groot gebeurtenis in die studentelewe.

GENIET

Die lewe het vandag so gejaagd geword en die universiteit is so groot dat dit al minder gebeur dat ons as 'n universiteit saam die ware studentelewe kan geniet. Intervarsity is een daarvan.

Mag ons as studente hierdie geleentheid met albei hande aangryp en dit ten volle geniet en beleef. Ek sê beleef omdat dit 'n belewenis is.

Verder moet ons ook in gedagte hou dat dit nie is wie wen nie, maar hoe jy gestry het, wat werklik saak maak.

My Intervarsity en sport seëvier!
Willie deBruin.SSB Voorsitter.



WILLIE DE BRUIN

KOVSIES
GAAN
VOU

DIE PUK-tennis het hierdie jaar groot hoogtes bereik — veral onder die mans. Die twee Campherbroers het al wat kampioenskap in Wes-Transvaal geneem in die dubbelspel. Fanie het skoonskip gemaak in die enkels.

Die dames, hoewel 'n bietjie swakker as die mans, het ook al almal groot dinge op die tennisbaan laat gebeur. Vier van hulle is provinsiale spelers.

Die tennisspelers sien uit na Intervarsity, want die Kovsies sal sien wie is die baas op die plaas.

Charl Marais



FEBE BACKER

NETBAL

DIE agste wonder nader sy werklikheid want die Pukke gaan die Kovsies hierdie keer flou huis toe stuur.

Met Charlotta Malan en Tobiana Willemse langs die baan is ons slag gereed. Die oorwinning was nog nooit so naby as juis hierdie jaar nie, want op die SAU het ons gelykop gespeel.

Die twaalf koshuisspanne voel ook baie sterk dat hulle oorwinnaars gaan wees, want hulle het hard gewerk daarvoor.


(Febé Backer).

STOEI

PUKKE, uiteindelik is die geleentheid daar om wraak te neem op 'n vermetele Kovsie-span wat verlede jaar, vir die eerste keer, in die geskiedenis dit reggekry het om ons te wen. Ja, ons gaan wen, ons gaan hulle vermorsel!

Met die hulp van die PUK-massa, met hul volle ondersteuning in die Totius-saal om 7.30 nm., gaan ons sorg dat ons die PUK se naam hoog hou op hierdie Intervarsity!

Gerhard Brown



GERHARD BROWN

SKERM

IN die verlede het die PUKKE reeds getoon dat hulle volkome opgewasse is teen die skermkuns van die Kovsies — indien nie hulle meerderes nie.

Tog moet die Kovsies nie onderskat word nie. Ons doen 'n beroep op die PUKKE om in hulle hordes op te trek na die muurbalsaal, waar die kragmeting om 19h00 begin.

Johan Freyzer



JOHAN FREYSEN

Ringtennis

OM vir 'n jong klub soos die van die Ringtennis 'n vooruitbeskouing te skryf, is enersyds maklik, maar dan ook maar moeilik. Ons het Kovsies verlede keer in die stof laat byt met 'n telling van 7-2.

'n Besondere standaard van spel word verwag, aangesien die Kovsies ook met 'n paar draers van die Groen en Goud kan spog.



R. BURGER

DIE SPANNE VIR SATERDAG



JAMES STOFFBERG
Kaptein en Agtsteman



SORS GREYLING
Heelagter



HENNIE SAAYMAN
Vleuel



JAMES CLAASSEN
Vleuel



WILLIE DE BRUIN
Senter




FRANS BARNARD
Senter



ANDRÉ ROSSOUW
Losskakel



DRIES SWANEPOEL
Skrumskakel



OSIE VAN NIEKERK
Stut



OKKIE OOSTHUIZEN
Stut



KOOS SNYMAN
Haker



PIET BRAND
Slot

MEER OOR DIE THEOS

James Stoffberg, agtsteman en kaptein, 24 jaar, 1,80 m, 91 kg., Wes-Tvl. A 10, Intervarsities 4, Honns. L.O.

Sors Greyling, heelagter, 21 jaar, 1,70 m, 82 kg., Wes-Tvl. o/20, Wes-Tvl. A 1, Intervarsities geen, B.Comm II.

Hennie Saayman, vleuel, 22 jaar, 1,70 m, 88 kg., Wes-Tvl. A 5, Intervarsities 1, B.Comm III.

James Claassen, vleuel, 22 jaar, 1,70 m, 80 kg., Intervarsities geen, UOD.

Willie de Bruin, senter, 22 jaar, 1,70 m, 90 kg., Intervarsities 3, Wes-Tvl. A 3, HNOD IV.

Frans Barnard, senter, 23 jaar, 1,75 m, 81 kg., Intervarsities geen.

André Rossouw, losskakel, 19 jaar, 1,68 m, 70 kg., Intervarsities geen, SAU o.20, B.Sc. Farm II.

Dries Swanepoel, skrumskakel, 24 jaar, 1,68 m, 73 kg., Wes-Tvl. 12, Intervarsities 1, B. Comm. Honns.

Osie van Niekerk, stut, 22 jaar, 100 kg., 1,78 m, Intervarsities 2, Noordelike Universiteit, Wes-Tvl. B, B.Sc. Farm IV.

Okkie Oosthuizen, stut, 20 jaar, 1,75 m, 102 kg., PUK o.20 3 jaar, SAU o.20, B. Juris III.


Koos Snyman, haker, 21 jaar, 1,75 m, 80 kg., Wes-Tvl. B.

Piet Brand, slot, 32 jaar, 1,90 m, 116 kg., Intervarsities 8, Wes-Tvl. A 60, MBA.

Andries Coetzer, slot, 23 jaar, 1,80 m, 114 kg., Wes-Tvl. A 9, Intervarsities 4, B.Comm. Honns.

Johan Radloff, flank, 22 jaar, 1,80 m, 92 kg., Wes-Tvl. B kaptein, Intervarsities 1, B.A. Bepl. IV.

Eric le Roux.



Mnr. Hans Kruger, die skeidsregter vir Saterdag se hoofwedstryd. Mnr. Kruger kom van Rustenburg en hoop dat goeie en gesonde taai student rugby gespeel sal word en dat wat ook al die uitslag, goeie sportmangees en „rugby“ die winners sal wees.

Ons het 'n kans


Deur Oom Hans van Zyl

WIE bloot met sy rede môre se Intervarsity tussen die Pukke en die Kovsies bespiegelend betrag, kan nie anders as om 'n rekordsege vir die Vrystaters te voorsien nie. Hulle het seker nog nooit so 'n gedugte kombinasie gehad soos vanjaar nie.

UOVS (die U kan maar net sowel verwyder word om OVS te lees) wemel van Springbokke, amperse Bokke, Junior Springbokke, Gaselle en hoogaangeskrewe provinsiale spelers. Die span is amper nader aan 'n internasionale span as aan 'n provinsiale span.

Die Pukke daarenteen, het nog nie hierdie seisoen veel vertroue ingeboesem nie. In hulle jongste klubwedstryd het Strathvaal hulle 'n yslike loesing toegedien. Eric le Roux is beseer, Willie de Bruin en Flip Schoeman is nie op dreef nie en die helfte van hulle het nog nie provinsiale rugby gespeel nie.

Met 'n Intervarsity is daar nie plek vir logika nie. Besieling en spangees speel dan die oorheersende rol. Hiervan en 'n ongekende vasberadenheid, het die Pukstudente in oormaet. Hulle gaan met 'n bomslike kraginspanning vorendag kom. Dit het elkeen reeds vir homself uitgemaak.



ANDRIES COETZER
Slot



JOHAN RADLOFF
Flank



ERIC LE ROUX
Flank



Vir hierdie vyf manne moet die Theos Saterdag ligloop. In gewone volgorde staan: Klippias Kritzing, Gerrie Germishuys, Barry Wolmarans, De Wet Ras en Jan Schlebusch. (Foto: Irawa)

HIER IS DIE SHIMLA-SPAN

Piet Strydom, heelagter, 27, 1,80 m, 78 kg., OVS.

Gerrie Germishuys, vleuel, 25, 1,70 m, 83 kg., Springbok.

Piekkie du Toit, senter, 24, 1,80 m, 78 kg., Jun. Springbok.

Jan Schlebusch, senter, 26, 1,86 m, 82 kg., Springbok.

Edrich Krantz, vleuel, 20, 1,80 m, OVS en Oribi-kaptein.

De Wet Ras, losskakel, 21, 1,75 m, 80 kg., OVS en Oribi.

Barry Wolmarans, skrumskakel, 22, 1,70 m, 72 kg., Jun. Springbok.

Ben de Wet, voorry, 21, 1,80 m, 105 kg., OVS B.

Wouter Hugo, haker, 22, 1,80 m, 92 kg., OVS.

Martiens le Roux, voorry, 23, 1,85 m, 102 kg., SAU OVS.

Harold Verster, flank, 26, 1,80 m, 90 kg., OVS.

Hannes Hattingh, flank, 21, 1,80 m.

Ross van Reenen, slot, 22, 1,96 m, 118 kg., OVS.

Klippias Kritzing, slot/flank,

27, 1,96 m, 120 kg., Springbok.

Gerrie Sonnekus, agtsteman, 21,

1,80 m, 90 kg., Springbok.

JUDO

JUDOKAPTEIN — H. van der Merwe.

Aangesien ons die Kovsies op die SAU-toernooi gewen het, is die vooruitsigte vir Intervarsity goed. Sedert daardie tyd het een van ons judokas, Mossie Mostert, egter sy enkel gebreek. Dit is 'n verlies vir die span aangesien hy sy geveg teen die Kovsies gewen het. Ons het egter 'n ander goeie judoka nl. Johannes Coetsee in sy plek gekry en ek dink dat hy 'n goeie plaasvervanger vir Mossie is.

Die span is baie positief ingestel en ons hoop om positiewe resultate te toon. Die span is: M. van der Merwe, R. van Rensburg, C. Prinsloo, H. van der Merwe, N. Stoltz, W. Strydom, J. Coetsee.

LUISTER NA DIE SPANKAPTEINS


DIE KAMPUSPLAN EN PROGRAM

KAMPUS

Hier is 'n foto van die plan van die kampus wat ook toekomstige ontwikkeling aandui.

SLEUTEL TOT SKETSPLAN

1. Johannes van Rooy-huis
2. Dawie du Plessis-huis
3. Sentrale Eetsaal
4. Heide
5. Karlien
6. Wag-'n Bietjie
7. Vergeet-my-Nie
8. Eetsaal
9. Kasteel
10. Fort
11. Duikweg
12. Hoofgebou
13. Gebou vir Geografie, Geologie, Beplanning en Bodemkunde
14. De Klerk-huis
15. Lettie du Plessis-eetsaal
16. Piet Grobler-huis
17. Klawerhof
18. Oosterhof
19. Voorgestelde gebou vir Ekonomiese Wetenskappe
20. Voorgestelde gebou vir Opvoedkunde en Psigologie
21. Frans du Toit-gebou
22. Ferdinand Postma-biblioteek
23. Totiussaal en Kafeteria
24. Administrasiegebou
25. Plantkundegebou
26. Dierkundegebou
27. Voorgestelde Administrasiegebou. Die gebou vir Ekonomiese Wetenskappe is tans nog daar
28. Mikrobiologie- en Spraakleer en Dramagebou
29. Voorgestelde Studentesentrum
30. Huishoudkundegebou
31. Biochemiegebou is tans hier geleë
32. Fisikagebou
33. Chemiegebou
34. Industriële Chemiegebou
35. Farmaseutika- en Farmakologiegebou
36. Wiskunde-, Statistiek- en Rekenaarswetenskapgebou
37. Voorgestelde gebou vir Biologiese Wetenskappe
38. Skuureetsaal
39. Skuur
40. Tegniëse Departement
41. Fisiologiegebou
42. Psigologiegebou
43. Heimat en Uitspan
44. Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunstgebou



PROGRAM

VRYDAG 22 AUG.

1. Etenstye
Middagete: vanaf 12h00: Sentrale Eetsaal.
Aandete: vanaf 18h00: Sentrale Eetsaal.
2. Binnenshuise sportsoorte
19h00 Skerm — Saal agter muurbalbane.
Stoei — Totiussaal.
Judo — Karlien Ontspanningsaal.
Muurbal — PU muurbalbane.
Pluimbal — PU LO-sale.
Karate — Over de Voor.
Skynhof — Frans du Toit (K 100).
Skeak — Dierkunde.

Mans II — Fanie du Toit-bane.
Dames II — Fanie du Toit-bane.
Mans koshuisspanne — POK-bane.
Dames koshuisspanne — POK-bane.

7. Ringtennis: 09h00 — POK-bane.

8. Landloop: 10h00 — Fanie du Toitsportterrein.

9. Dameshokkie

09h00 PU III vs Hobhouse — Fanie du Toit B.
Klawerhof vs Idahlia — Fanie du Toit C.
Oosterhof/Soetdorings vs Welwitchia — Fanie du Toit D.
De Klerk/Karliën vs Wag-'n-bietjie — POK A.

10h00 PU I vs UV I — Fanie du Toit A.
Kasteel vs Steyn — Fanie du Toit B.
Wag-'n-bietjie vs Soetdorings — Fanie du Toit C.
Heide vs Madelief — Fanie du Toit D.

11h00 PU II vs UV II — Fanie du Toit A.
Fort vs Van der Merwe — Fanie du Toit C.
Vergeet-my-nie vs Kestell — Fanie du Toit D.

10. Manshokkie

09h00 PU I vs UV I — Fanie du Toit A.
11h00 PU II vs UV II — Fanie du Toit B.

11. Netbal

09h00 Kasteel vs UV III — Fanie du Toit 1.
Klawerhof vs Welwitchia — Fanie du Toit 2.
Wag-'n-bietjie vs Kestell — Fanie du Toit 3.
Oosterhof vs Steyn — Fanie du Toit 4.
Kulu vs Idahlia — Fanie du Toit 5.
Vergeet-my-nie vs Stad — Fanie du Toit 6.

09h45 PU II vs UV II — Fanie du Toit 1.
Heide vs Madelief — Fanie du Toit 2.
Wanda vs Van der Merwe — Fanie du Toit 3.
Karlien vs Soetdorings — Fanie du Toit 4.
Dorp vs Wag-'n-bietjie — Fanie du Toit 5.

Soetdorings vs Hobhouse — Fanie du Toit 6.

10h30 PU I vs UV I — Fanie du Toit 1.

12. Rugby

09h15 Over de Voor III vs Vishuis III — POK A.
Hombré II vs De Wet I — POK B.
Drakenstein II vs Karee II — POK C.
Caput II vs Reitz II — POK D.
Dorp I vs Stad I — Fanie du Toit A.
Klooster I vs Vishuis I — Fanie du Toit B.
Dawie Dup I vs Verwoerd I — Fanie du Toit C.
Vanderbijlpark I vs Kiepersol I — Fanie du Toit D.
Tokkelokke I vs Malherbe II — Fanie du Toit E.
Caput III vs Stad III — Fanie du Toit F.
Hombré III vs Hertzog III — Fanie du Toit G.
Over de Voor II vs Kiepersol II — Fanie du Toit H.

10h15 PU o.20 vs Karee I — POK A.
Dorp II vs Verwoerd II — POK B.
Klooster II vs Stad II — POK C.
Dawie Dup II vs Olienhou II — POK D.
Over de Voor I vs Malherbe I — Fanie du Toit A.
Hombré I vs Reitz I — Fanie du Toit B.
Drakenstein I vs Hertzog I — Fanie du Toit C.
Caput I vs Olienhou I — Fanie du Toit D.
Klooster III vs Malherbe III — Fanie du Toit E.
Dorp III vs Olienhou III — Fanie du Toit F.

13h00 PU o.20 A vs UV o.20 A — Olēnpark.

14h15 PU IB vs UV II — Olēnpark.

15h45 HEILDRONK.

16h00 PU I vs UV I — Olēnpark.

19h00 Skemerkelkie — Hotel Elgro.
(Eregaste, afrigters, 1e span kapteins/es alleenlik.)

19h30 Massavermaak en ontspanning — PU-Kampus.

23h00 AU REVOIR.

SATERDAG 23 AUG.

1. Etenstye
Ontbyt: vanaf 06h30.
Middagete: vanaf 12h00.
Aandete: vanaf 18h30 — PU-Kampus.
2. Bus vertrektye
Na Olēnpark: vanaf 12h00.
Na PU-Kampus: vanaf 17h30.
(Alle busse na Olēnpark vertrek vanaf die hoofhek by die Frans du Toitgebou.)
3. Gholf: 08h00 — Potchefstroom-Buiteklub.
4. Muurbal: 09h00 — PU-muurbalbane — mans III en IV, dames III.
5. Scuba: 09h00 — Boskop Dam.
6. Tennis: 08h00 —
Mans I — Fanie du Toit-bane.
Dames I — Fanie du Toit-bane.

SPORT

Fanie speel gou klaar

DIE Wes-Transvaalse Kampioenskappe wat oor twee naweke gestrek het, is Saterdag 9 Augustus afgehandel.

BROEDER

Saterdag 2 Augustus, het die nommer een gekeurde Fanie Campher in die mansenkelspel met Koos Buys klaargespeel met 'n telling van 6/3, 6/6. Pieter Campher het G. Raath gewen met 'n telling van 4/6, 6/2 en 6/0. Beide wedstryde was in die halfeindronde en gevolglik het die gebroeders Campher teen mekaar te staan gekom in die eindronde waar Fanie Pieter oortuigend geklop het in twee stelle van 7/6 en 6/2.

In die damesenkelspel het

KOSHUISE SPEEL GOED

Saterdag 9 Augustus het 'n hele paar aanskoulike koshuis-rugbywedstryde opgelewer.

In die wedstryd tussen Hombre II en Dorp II het Hombre geseëvier met 9 teen 3 en daarmee reeds die uiteindelijke wenner van die B-liga geword. Sover bekend is dit die eerste keer dat Hombre die prestasie behaal. Wat die oorwinning nog meer aanskoulik gemaak het, is dat die span nog nie een wedstryd die seisoen verloor het nie. Met nog 'n wedstryd oor teen Klooster, kan die span die seisoen onoorwonne afsluit.

Ander uitslae was soos volg:

Over de Voor 11-8

Caput 11-20

Drakenstein 11-4 kry punte want Dawie Dup het eerstespan spelers gebruik.

Dawie Dup 11-41

Hombre 11-12

Dorp 11-6

Caput 11-6

Over de Voor 11-10.

JY KAN BLY SOOS JY IS, OF JY...

DIE landloopspan van die Puk het gedurende die Julie-vakansie so tussendeur draairoomse, pannekoek en Mainstay aan die groot Mainstay-landlooptoer deelgeneem!

Die langasems het eers op Kimberley aangedoen om na die groot besienswaardighede te gaan kyk en hul eerste nag op Middelburg oornag. Daar het van die dames nie rustig kon slaap sonder die soete gelui van kerkklokke in hul ore nie, en het dus die klokke deeglik bygekome.

PADAFLOS

In Port Elizabeth het Andries Krogman en Jorrie Jordaan by die span aangesluit. Daar het hul aan die padaflos deelgeneem en met vasbyt en deurbyt het die dames derde en die mans tweede plekke losgeslaan. Die dinee daarna was net so geslaag en sal nog lank onthou word.

HOOGTEPUNT

Almal wat die toer meegemaak het sal dele daarvan nooit vergeet nie. Daar was Jandré, die towenaar wat niks van sy kunsies wou verduidelik nie; Sydney met sy tjekboek; Marietjie wat almal se kos opgeëet het en Jan wat so 'n gawe leermeesteres by die skaatsbaan gehad het. Die hoogtepunt van die sosiale bedrywighede was sekerlik Louis van Biljon se 20e verjaardag wat heel gepas gevier is.

PYPIES

Die landlopers is vol lof vir hul bestuurder, Pypies Laub-scher, wat gekeer het dat die winde van Port Elizabeth hul nie die see in wasi nie.

DAWIE TERJG N. GOEIE TOER

DAWIE MALAN, Suid-Afrikaanse paalspringkampioen, het onlangs teruggekeer van sy vyf-weke lange toer deur Europa.

Dawie het op 1 Julie vanaf Jan Smuts lughawe vertrek — nou wel op 'n erg vertraagde vlug, maar die feit dat hy op Nairobi se lughawe kon rondloop — in 'n land waar Suid-Afrikaners normaalweg nie toegelaat word nie, het hiervoor vergoed.

Die atletiekkaptein van die PUK het eerste na Leverkusen gegaan. Dit is 'n klein, skilderagtige dorpie waar Duitsland sy sport op hoë noot bedryf. Die dorp word omring deur nywerhede — onder andere die reusagtige Bayerwerke — wat noue samewerking en finansiële steun aan al die sportsoorte bied. Hier het hy vir drie weke lank onder die bewake afrigting van die nasionale paalspringafrigter, Manfred Beckers, gestaan. Vir die Suid-Afrikaner was dit 'n belewenis om te sien hoe toegewyd die Europese afrigters teenoor hul atlete staan.

Hierna is hy na Mainz. Vanuit Mainz het hy besoek gebring aan die beroemde Adidas-fabriek waar hy weer eens verstom gestaan het voor die gespesialiseerdheid van dié sporttoerusting. Intussen het hy 'n tog deur die Wynlande van die Ryn onderneem. Die stukke Kaap binne Europa het hom in aanraking gebring met van die mee gesogte wynsoorte van die Rynvallei.

In Duitsland was hy bevoorreg om teen van die voorste paalspringers deel te neem. In Eshweiler het hy 'n hoogte van 4,80m behaal; in Papendal — 4,60m en in Rheden — 4,70m. Dit is 'n baie goeie prestasie gesien in die lig van die atleet se winterseisoen en -program in Suid-Afrika.

Vanuit Duitsland is Dawie na Holland. In Amsterdam kon hy die lewenswyse van die Hollanders waarlik sien ontplooi. Hy het 'n kliniek in Kinetioterapie besoek en dit baie insigwend gevind.

Die toer het hoofsaaklik uit afrigting bestaan wat baie meer waardevol was as die groot kompetisies. Die hulp en afrigting wat hy ontvang het, was uit die boonste rakke. Dit wat hy geleer het sal hy

nou met vrug kan verwerk en toepas ter verbetering van sy eie prestasies, maar ook ter bevordering van paalspring in Suid-Afrika.

Dawie sê dat hy maar baie verlang het na sy tuisland daar in die verte. Hy besef nou meer as ooit dat hy trots kan wees op sy eie mense en kultuur en skoon land.

Die toekoms? Dawie se groot groen oë loop vol visioene van hoe dwarslatte en aan die veraf glimlag kan mens sien dat daar nog groot dinge van hom verwag kan word!



Dawie Malan, Puk se bekende paalspringer, het onlangs ná 'n suksesvolle toer uit die buitenland teruggekeer.

HOKKIEDAMES DERDE

HIERMEE volg die volledige uitslae van die tweede dameshokkiespan van die Puk wat aan die Wes-Transvaalse eerste liga deelgeneem het.

Van die veertien wedstryde wat die span gespeel het, het hul nege gewen, vier verloor en een gelykop gespeel. Die ligapunte is negentien. Daar is altesaam 47 doele geskiet vir die Pukke en 31 teen hulle. Dit bring hul derde te staan in die liga.

KOSHUISLIGA

Eerste word genoem die lede van die span, die aantal wedstryde en dan punte vir koshuise:

Heila van Deventer	6	12
Louise Strydom	14	28
Cornelia Meyer	12	24
Annette Greyvenstein	13	26
Willa Vermaak	2	4
Maritha Erasmus	8	16
Alta de Korte	11	22
Rinza Burger	12	24
Marlene Bisschof	13	26
Gerda v. d. Westhuizen	2	4
Trudy Coetzee	1	2
Chrisita Taljaard	1	2
Sanpat Hattingh	14	28
Jolanda Serfontein	4	8
Ilse Kuun	1	2
Erika Dollenberg	7	14
Monica Dollenberg	8	16
Ria Kloppe	14	28
Lizette Uys	11	22

Die volgende dames van die tweede span het Wes-Transvaal B-span gehaal:

Alta de Korte, Lizette Uys en Heila van Deventer. Dit is die tweede jaar dat

die tweede span derde in die van die verlede — Intervarsity liga eindig. Liga is nou iets lê voor!

LANDLOPERS VIR VEELVOLKIGE TOERNOOI

DIE volgende landlopers is gekies om aan die veelvolkige byeenkoms deel te neem:

R. de Klerk	D. Swanepoel
A. Krogman	H. Louw
G. Doorewaard	L. Tönsing
J. Lubbe	Mans:
	A. Krogman
	G. Doorewaard
	J. Lubbe
	J. van Ellewee
	K. de Beer
	S. Riekert
	N. Meintjies
	L. van Vuuren

* Vervolg van bladsy 7
fundamenteel vir Christelike evangelie was lank voor enige formulering van Marxistiese of Neo-Marxistiese leerstellinge.

LE GRANGE

Oor die opheffing van buitelandse geldelike bydraes aan die CI deur die Le Grange-kommissie, het dr. Naudé die volgende te sê gehad: Die lees van die verslag van die Le Grangekommissie oor die Christelike Instituut het delik getoon dat dit 'n sameflansing is van openlike leuens, halwe waarhede en feite wat uit verband geruk is. Die verslag se sentrale uitgangspunt is „die algemene aanvaarde beginsel dat die hoogste gesag, wat uit die jheridiese spruit, in die staat beliggam is“. Dit is naakte totalitarisme wat die Godgegewe reg oor die hele lewe van die mens opeis en wat die CI absoluut verwerp.



Die karateklub was vanjaar baie bedrywig en met die komende Intervarsity gaan hulle die Kowsies vol knoppe slaan. (Foto: Fotokuns.)